Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXXI Nr. 4

DONDERDAG, 21 MAART 1985

SP aanvaar verslag in sy geheel

TYDENS die Studenteparlementsvergadering van 19 Maart is die verslag van 'n Kommissie van Ondersoek na Nasionale Studente-organisasies in sy geheel as beleidstuk van die SP aanvaar.

Die verslag van die Kommissie, wat onder voorsitterskap van 'n SR-lid, mnr. Phillip Verster was, lui onder meer: "Stellenbosch is 'n Afrikaanse universiteit wat vanweë verskeie faktore geïsoleerd en onafhanklik staan". Die verslag verklaar ook dat "geen nasionale studente-liggaam hom van die politiek van die dag (kan) losmaak nie".

Die SP-kommissie, wat bestaan het uit mnre. Phillip Verster, Niël van der Merwe, Robert Kotzé, Derick de Villiers en mee. Sonja Delport en Stephanie du Preez, het bevind dat "die ASB die nasionale studente-organisasie is waarbinne die US hom die beste sal kan tuisvind".

Verskeie persone het getuienis voor die Kommissie afgelê, waaronder die voorsitters van die volgende studente-organisasies: die ASB, AZASM, COSAS, NSF en NUSAS.

Mnr. Verster het tydens die SP-vergadering gesê dat "Stellenbosch lank reeds nie meer die mekka van studente-politieke aktiwiteite is nie, inteendeel, (dit) het die Crossroads van studente-politiek geword, die bespotting van 'n ideaal".

Mnre. Anton Steenkamp en Riaan Smit word skouerhoog van die verhoog gedra deur uitbundige ondersteuners ná die uitslag van die monstervergadering bekend gemaak is.

Maties verwerp monster-mosie

'n MOSIE van wantroue in die senior redaksie van *Die Matie* is verlede Woensdag op 'n monstervergadering met 'n groot meerderheid verwerp.

Toe die uitslag van 666 teen die mosie, 399 daarvoor en 18 buite stemming deur die voorsitter van die SR, mnr. Le Roux van der Westhuizen aangekondig is, het studente krete van blydskap geuiter en mekaar gelukgewens.

Mnr. Van der Westhuizen het moeite ondervind om die studentemassa, wat die hele tyd op- en aanmerkings geskree en mekaar selfs beledig het, te beheer. Baie van die sprekers het nie hulle sê klaar gesê nie en ander was skaars hoorbaar soos van die studente in die gehoor hulle doodgeskreeu het.

Aanvalle

Volgens mnr. Tielman Roos, wat die mosie teen *Die Matie* ingelei het, was die hoofkritiek dat daar te min koshuisnuus gepubliseer word en te veel "omstrede politieke berigte". Daar was al lankal 'n ontevredenheid onder studente oor die beriggewing in *Die Matie*. Die plasing van beweerde doopwanpraktyke op Stellenbosch was "die laaste strooi".

Die sekondant van die mosie, mnr. Eddie Albertyn, het persoonlike aanvalle op die redaksielede se kleredrag en algemene voorkoms gemaak voordat hy deur mnr. Van der Westhuizen tot orde geroep is.

Mnr. Anton Steenkamp, die redakteur van *Die Matie* het gesê dat koshuise wat saamwerk (soos Majuba onlangs) wel goeie nuusdekking kry. Dit is nie die funksie van redaksielede om voor elke uitgawe van *Die Matie* al die koshuise te kontak om te hoor of daar dalk iets is wat hulle geplaas wil hê nie.

Volgens mnr. Steenkamp staan in die reglemente in verband met beriggewing in *Die Matie* die volgende: "Hoewel *Die Matie* steeds los staan van die party-politiek, sal hy indringende, ontledende artikels oor die breë landspolitiek as deel van sy opdrag beskou."

Die Matie, as onbetrokke party in kampusaangeleenthede, het ook 'n waghondfunksie en moet oor kontroversiële kwessies verslag doen. In mnr. Steenkamp se woorde is die redaksie 'n "ordentlike koerant aan die studente-unie verskuldig, nie 'n lewelose naprater nie".

Klagtes

Me. Karin Strydom, SR-lid vir Publikasies, sê dat sy in beginsel nie ten gunste van 'n monstervergadering is nie, omdat dit emosioneel is en dikwels nie die ware weerspieëling van studente se gevoelens is nie.

Me. Strydom hoop dat studente in die toekoms eerder hulle klagtes by die Publikasiekomitee sal indien as om 'n monstervergadering aan te vra, sodat 'n studentekoerant wat die meeste studente tevrede hou, deurlopend verseker kan word.

Kommerwekkend

Volgens mnr. Van der Westhuizen het die SR met die reëlings vir die Monstervergadering sover moontlik gepoog om aan beide partye 'n billike geleentheid te bied om hulle saak te stel. Hy berus homself by die uitslag van die meerderheid, alhoewel daar onder die studente 'n duidelike verskil van mening oor die huidige funksie van *Die Matie* bestaan.

Die toenemende polarisasie tussen die twee groepe is kommerwekkend, en hy hoop dat die redaksie daarin sal slaag om in die toekoms die verskillende belangegroepe bevredigend te akkommodeer. Hy steun die redakteur daarin dat *Die Matie* 'n vrye, ewewigtige en kritiese inligtingsblad vir die studente moet wees.

Aan die begin van die verrigtinge is 'n ander mosie wat deur mnr. Derick de Villiers, SR-lid vir Verenigings, voorgestel is, aanvaar. Die gevolg hiervan is dat die grondwet van die studente-unie nou nie slegs verander kan word deur middel van 'n monstervergadering of 'n referendum nie, maar ook deur 'n tweederde meerderheid op die Studenteparlement.

SAAK

Kommunikasie by Kruispad nodig

AS dit nie was vir die feit dat daar indringende besprekings met die mense van Kruispad was nie, "het die Kaap al lankal gebrand", het mnr. Timo Bezuidenhoud van die Departement Samewerking en Ontwikkeling verlede week op 'n SAAK-vergadering gesê.

Hy het gereageer op 'n uitspraak van mnr. Ray Swart, PFP-LV vir Berea, dat daar "'n groot verbetering in die kommunikasiesituasie tussen die owerhede en die mense van Kruispad moet wees".

Ander sprekers op die vergadering was mnr. Woza en mnr. Albert Napakadi, verteenwoordigers van die 14 komitees van die Kruispad-gemeenskap sowel as me. Laurine Platsky van die South African Labour Development and Research Unit (SALDRU).

Toe iemand uit die gehoor van sowat 200 vra "waarom die Kaap dan wêl gebrand het", het mnr. Bezuidenhoud gesê dat dit veroorsaak is deur "sekere organisasies en instansies in ons samelewing wat die situasie verdraai".

Mnr. Napakadi het ontken dat daar kommunikasie tussen mnr. Bezuidenhoud of sy Departement en die mense van Kruispad was. "As dit wel die geval was, sou ons nie vandag gepraat het van die dood van agttien mense in die onluste nie," het hy gesê.

Me. Platsky het gesê dat die geskiedenis van Kruispad al vir agt jaar "een van gebroke beloftes" is, en dat dit geen wonder is dat die mense van Kruispad agterdogtig is en dat 'n blote gerug onluste kan veroorsaak nie.

In antwoord op die vraag waarom die regering voortgaan met die beleid van instromingsbeheer alhoewel dit verstedeliking as 'n voldonge feit erken, het mnr. Bezuidenhoud gesê dat dit "beleid is, en beleid sal bly totdat die regering dit verander".

'n Swart man uit die gehoor het gevra hoe dit kan wees dat swartmense wat in Suid-Afrika gebore is, se regte as burgers hulle ontneem word. Hy het ook gevra wie regte aan mense toeken: "God, of die regering?" Mnr. Bezuidenhoud het geantwoord dat "God regte gee, maar dat regerings dit kan afvat".

Hierdie skuilings word deur die inwoners van die Kruispad-plakkerskamp as tydelike behuising gebruik. 'n SAAK-vergadering is verlede week gehou waartydens die probleme by dié plakkerskamp bespreek is. Mnr. Timo Bezuidenhoud van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling het tydens die vergadering gesê dat as dit nie vir die indringende besprekings met die mense van Kruispad was nie, die Kaap lankal sou gebrand het.

Getuienis deur doop-kommissie ingewag

DIE Kommissie van Ondersoek na beweerde doopwanpraktyke wag op die oomblik getuienis in. Alle studente, spesifiek ook eerstejaars, wat oor inligting in verband met doop beskik, word gevra om getuienis voor die Kommissie te gaan aflê.

Die Kommissie se verrigtinge vind agter geslote deure plaas en getuies se name sal vertroulik gehou word.

Die lede van die Kommissie is prof. J.C. de Wet (voorsitter), dr. D.P. de Villiers en mnr. L.J. van Zyl.

Enigiemand wat bereid is om getuienis af te lê, moet so gou as moontlik in verbinding tree met prof. H.J. Erasmus, dekaan van die Regsfakulteit, by die fakulteit self of tel. 70022.

Studente gaan toer goedkoop

MATIES wat goedkoop oorsee wil gaan toer, kry in Desember met die Matietoer na Europa die geleentheid.

Die toer kos R2 450, en sluit onder andere sewe dae van ski in Kitzbühel, Oostenryk, in. Verder word Holland, Engeland, Frankryk, Duitsland, Italië en Switserland besoek.

Vele besigtigingstoere word ingesluit, maar toerlede sal ook baie vrye tyd hê om te doen wat hulle wil, hetsy op hul eie of saam met ander toerlede. Enige individuele toerlid kan ook ná die einde van die amptelike toer agterbly en die Europese kulertjie verleng; die vliegtuigkaartjie sal steeds geldig wees vir die terugkeer na Johannesburg.

'n Hoogtepunt van die toer behoort die weeklange verblyf by die ski-oord te Kitzbühel in die Oostenrykse Tirooi te wees. Benewens die ski, is daar genoeg afleiding: 'n casino, binnenshuise swembaddens, 'n bioskoop en binnenshuise tennis- en muurbalbane.

Die toer is 27 dae lank. Die vertrekdatum is 27 November 1985 en die terugkeerdatum 23 Desember, sodat dié wat wil, Kersfees tuis kan wees.

Nadere besonderhede is verkrygbaar by Maties Reisburo, Senpergebou, Pleinstraat 3038 (tel. 71136). Alle visums, paspoorte ens. word deur die agente gereël.

T'berg stem oor geheime organisasies

TYGERBERGSE studente stem vanaand op 'n monstervergadering oor twee mosies in verband met geheime organisasies.

Die vergadering is gereël na aanleiding van 'n petisie wat deur 180 studente onderteken is. Volgens die petisie is die doel die opklaar van die "onlangse onsekerheid rondom die moontlike rol van geheime organisasies op die kampus".

Die eerste mosie stel voor dat 'n klousule in die reglemente van die Tygerbergse Studente-unie (TSR) opgeneem word wat dit onmoontlik maak vir 'n lid van die Tygerbergse Studenteraad (TSR) om aan 'n geheime organisasie te behoort sonder om dit te erken.

Die tweede vra dat alle huidige TSR-lede enige organisasie waaraan hulle mag behoort by name moet noem en hulle lojaliteit teenoor die TSU moet verklaar.

Volgens mnr. Nico Veltman, die voorsteller, is die mosies nie teen enige groep of individu gemik nie en kom dit nie op diskriminasie teen enigiemand neer nie, maar is dit juis 'n poging om so iets te voorkom. Dit is essensieel op 'n kampus, soos Tygerberg, met uiteenlopende sienswyses. Die geheimhoudingsmotief van die betrokke organisasies bevorder glad nie oop gesprek nie.

Volgens mnr. Carl Beuster, die sekondant, bevraagteken die mosie nie enige geheime organisasie of sy motiewe nie, maar juis die element van geheimhouding self. Daar kan ook nie gewys word op spesifieke ongerymdhede as gevolg van sulke organisasies se bedrywighede nie, maar so 'n moontlikheid moet verhoed word.

Die vergadering begin om 19h30 in die Hoofvoorlesingsaal en die voorsitter is mnr. Johan Claassen.

The victories of the African National Congress have been symbolic rather than real. That is the view of Dr. Andrew Prior, political scientist at UCT.

Factions likely to arise in ANC

RECENT talk of the release of ANC (African National Congress) leader, Nelson Mandela, has led to much speculation as to what is happening internally in the ANC. Dr Andrew Prior, political scientist at the University of Cape Town has the following to say about the organization and the dilemmas which face it.

Although the ANC has been fighting a fifteen year war with the South African government and in the process has created a political and military bureaucracy, it has achieved few military victories. Those victories which it has achieved have been symbolic rather than real. (For example the 1983 Pretoria bomb blast.)

Violence

He said western diplomats see the relative ineffectivity of the organization leading to strain within the organization and a possible change of tactics. They have therefore offered the organization more Western support on the condition that it use a civil rights campaign rather than violence and cut its ties with the South African Communist Party.

However, as the militarists in the organization now have the upper hand it seems that the offers of the West will be rejected.

Paradoxially, the root of the ANC's problems lies in the success with which it was able to ensure its military build-up. The 1969 Morogoro Congress was the starting point of the build-up where the ANC described the aim of the political struggle as the "conquest of political power by full scale guerrilla warfare".

Dr Prior said the military build-up was particularly accelerated by the influx of black refugees who left South Africa in 1976. About three-quarters of the 12 000 who left South Africa joined the ANC. Of the 9 000 who joined the organization some became involved in the military wing of the organization and others the political wing.

The rest joined military camps in Angola where they received training in techniques of sabotage and guerrilla warfare and became skilled exponents of ANC propaganda techniques.

He said a battalion of bitter young South African exiles have been nurtured in the belief that the South African revolution is on the horizon and they will be heirs to a liberated South Africa.

In 1984 however, following South Africa's incursions into neighbouring states, which ended in the Nkomati accord, the ANC's military options began to fray around the edges. South Africa's neighbouring states have in turn begun to give a cold shoulder to the ANC military. Even the ANC's Durban bombings of civilians in 1984 were so inexpert that Oliver Tambo apologized for them on Bop TV.

Factions

South Africa's military and economic might were also decisive factors in causing neighbouring states to expell ANC members. The posibility of the ANC being disruptive to internal politics in neighbouring states was undoubtedly a factor considered by these states when they began to rid themselves of the ANC presence.

Dr Prior believes the combination of the above factors weakened the ANC's chance of waging successful "armed propaganda". Furthermore factional groups have arisen within the organization although their effect has not been that great.

Youth

With a rise in the military, educational and political wings of the organization separate interest groups are likely to arise. In the event of military efforts continuing to fail, factions are likely to develop; and in the event of there being military support for one or more factions the ANC could split in the same way which the PLO did.

Dr Prior believes the most influential factor will be the old guard responsible for the build-up of the organization who have a vested interest in the idea of guerrilla warfare. Opposition will probably come from the younger members of the organization who are opposed to their high living comrades in Europe and North America.

The latter group will look increasingly for a political solution where the military are unsuccessful. It is they in particular who will become the object of Western and possibly South African diplomats who are anxious that the ANC breaks with the communist Eastern block and gives up the armed struggle.

In the short term however, the militarists have the upper hand and can call the tune. But in the opinion of Dr Prior "their time is running out".

YOUTH LEADERSHIP FORUM

Oplossings vir S.A. probleme gesoek

Faan Herholdt

PRETORIA — Studente van Pretoria, Potchefstroom, Johannesburg, Stellenbosch en Fort Hare, het die naweek van 8, 9 en 10 Maart 'n kongres van die YLF (Youth Leadership Forum) naby Pretoria bygewoon.

Dokument

Die kongres is gelei deur prof. Robert Tusenius van die Stellenbosse Bestuurskool. Die veelrassige groep studente, wat gewissel het van ondersteuners van die Konserwatiewe Party tot swart ondersteuners van die verbode ANC, het 'n dokument opgestel en aanvaar waarin oplossings vir 'n beter Suid-Afrika uiteengesit is.

Hierin is gevra vir stemreg ongeag ras of kleur, 'n geïntegreerde onderwysstelsel, asook 'n Handves van Menseregte.

Die kongres het gevra dat Suid-Afrika ook in landstreke verdeel moet word, maar nie volgens rasgroepgebiede nie. Terselfdertyd is 'n vryemarkstelsel en 'n oop ekonomie vir alle Suid-Afrikaners bepleit. Daar is gesê dat 'n onafhanklike, kritiese regbank, wat ook die bevoegdheid moet hê om voorgestelde wetgewing ongeldig te kan verklaar, onontbeerlik is.

Gematig

Die treffendste deel van die kongres was toe almal saam "Die Stem" en "Nkosi Sikeleli Afrika" gesing het. Volgens prof. Tusenius het die YLF daarin geslaag om "links- en regsradikales" byeen te bring én na 'n meer gematigde standpunt oor te haal.

Mercedes

Die kongres is met 'n "stoomaflaatsessie" begin. 'n Afrikaanse student het gesê dat hy vrees dat hervorming eers sal kom as dit te laat is. Later het die verspreiding van die land se welvaart ter sprake gekom. Een van die studente van die Universiteit van Pretoria, het gesê dat hy sal baklei om sy Mercedes te behou. Selfs al word daar bewys dat dit hom sal baat, sal hy nooit sy Mercedes vir 'n fiets verruil nie, het hy gesê.

'n Swart student se antwoord hierop was dat dit waarskynlik nodig is dat blankes van hulle luukse motors ontslae moet raak en dat blanke gulsigheid die hoofprobleem was.

Twyfel

Volgens 'n ander student van die Universiteit van Pretoria, moet die Ontugwette herroep word. "Ek is self 'n Calvinis, maar dié wette is onbybels," het hy gesê. Later het 'n RAU-student die regering se hervormings inisiatiewe in twyfel getrek: "Hoe kan 'n mens 'n regering glo wat sê hy wil hervorm as sy hoofstad se parke vir blankes gereserveer word?", het hy gevra.

Ander sake is ook indringend bespreek. Blanke studente het hul vrees vir die sg. Swart Gevaar herbevestig. Van die swart kongresgangers het die vrees vir swart oorheersing in die toekoms as 'n mite afgewys. Hulle het gesê dat hulle 'n

Prof. Tusenius

regverdige bestel bo mag en gesag verkies. Almal was dit eens dat oorhaastige hervorming die ekonomie in chaos sal laat. Hulle het vroeër eenparig aangedui dat hulle 'n vryemarkstelsel in 'n veranderde Suid-Afrika sal verkies.

Begrip

Die studente het ten slotte gesê dat hulle begrip vir die voortgaande opstande en onrus by swart skole het. Stellenbosch is deur 'n Studenteraadslid, mnr. Philip Verster, verteenwoordig.

Oor toiletpapier en kaelnalery . . .

OP RAU en by Ikeys is gewys dat 'n mens so tussen die Akademie deur lekker kan lag . . . en dit as gevolg van toiletpapier en kaelnalery.

In Johannesburg het die Administrasie op 'n tekort afgekom: Die leweransier van toiletpapier het té min velletjies gegee. Mnr. Victor Horn, bestuurder van Openbare Betrekkinge, mis 15% van waarvoor die Transvalers betaal het.

Die steekproef was glo taamlik moeilik en het lank geduur. Die velletjies moes een vir een getel word. Met sowat 6 500 angstige studente in gedagte is dit vir die RAU belangrik dat sy kostes besnoei moet word.

Gevolglik is die leweransier aangesê om waarde vir geld te lewer. Die universiteit sal 'n hele paar honderd rand spaar hierdeur, het mnr. Horn gesê.

En in Kaapstad is nege Ikeys vir "openbare onsedelikheid" gearresteer. Die skakelbeampte van die Wes-Kaapse Polisie het gesê hy glo die optrede was maar net 'n deel van die voor-Joolse joligheid.

Die kaalnaelkêrels het Mowbray rondom middernag op horings geneem. Die meeste privaatstudente van die Universiteit van Kaapstad bly in daardie omstreke.

Nege studente is gearresteer. Nadat aanklagte teen hulle geformuleer is, is hulle vrygelaat. Die studente is aangesê om later in die hof te verskyn.

Dit is hoe *Varsity*, studentekoerant van die Ikeys, die uitslag van die monstervergadering gesien het.

Rektor betreur nagtelike arres

KAAPSTAD — Twaalf studente van die Universiteit van Kaapstad, onder wie verskeie studenteraadslede, is in die vroeë oggendure op Vrydag 8 Maart deur polisie in hegtenis geneem.

Die inhegtenisname spruit uit 'n voorval op 14 November verlede jaar in Rhodesweg, waarin studente na bewering teen die inhegtenisneming van NUSAS se voormalige voorsitter, me. Kate Philip, geprotesteer het.

Die arres van die studente en NUSAS-lede is hewig gekritiseer deur die Rektor en vise-kanselier van die Universiteit, dr. Stuart Saunders. Hy het op 'n protesvergadering gesê dat hy die voorval betreur. "Ek is geskok dat studenteleiers in die middel van die nag in hegtenis geneem en in polisieselle toegesluit is," het dr. Saunders gesê.

Hy het gehoor dat tien polisiemanne die oggend om twee-uur by die huis van 'n vooraanstaande inwoner van Kaapstad aangekom het om sy dogter in hegtenis te neem. Hy het die polisie-optrede as "verregaande" bestempel.

Dr. Saunders het in sy toespraak gevra waarom die Polisie nie gedurende die dag die studente genader het, hulle aangekla en gevra het om op 'n sekere dag in die hof te verskyn nie. Hy het daarop gewys dat die beweerde oortreding in elk geval reeds in November verlede jaar plaasgevind het.

"Ek betreur die inhegtenisneming van studente in die middel van die nag en ek betreur dit wat met studenteleiers van die UK gebeur het," het dr. Saunders gesê.

Hy het gesê hy weerhou hom daarvan om kommentaar te lewer "op die aard van die aanklagte teen die studente of op enige aspek van die regsprosedure wat aan die gang is omdat dit sou neerkom op minagting van die hof. Ek behou my die reg voor om op dié sake kommentaar te lewer wanneer ek kan," het hy gesê.

Die studente het reeds in die Wynbergse landdroshof verskyn. Hulle is op R150 borgtog elk vrygelaat en die saak is tot 29 Maart uitgestel. Die twaalf is nie gevra om te pleit nie.

Die SR-lede onder die twaalf is Christine Burger, voorsitter; Barbara Friedman, media-skakelbeampte, Paula Hathorn, koördineerder van gemeenskapsoptrede; en Ronald Skinner, tesourier.

Die ander studente is Thomas Turner, Jonathan Shapiro, Eckart Scholfeldt, Heather Anne Collins en Catherine Farlam.

Die NUSAS-ampsdraers is Nic Borain, hoofsekretaris en Max Ozinsky, media-skakelbeampte. Elana Korber, 'n voormalige projekbeampte van NUSAS, verskyn saam met hulle.

KOM TOER SAAM

1. Malawi 1-9 Julie 1985
   Toerprys: R920
2. Mauritius 10-17 Julie 1985
   Toerprys: R1 289
3. Jeugtoer na Engeland en Europa (ouderdom, 16-37 jaar). Besoek Engeland, Duitsland, Frankryk, Switserland, Oostenryk en Italië. 3-19 Julie 1985
   Toerprys: R2 899
4. Toer na Griekeland, Griekse Eilande (Mykonos, Rhodos, Patmos, Heraldion, San Torini) en Turkye. 6-13 Okt. 1985 (Transvaalse skoolvakansie)
   Toerprys: R1 999 (Met opsionele verlenging na Rome, Capri, Sorrento, Nice, Monte Carlo, Majorka-eiland en Madrid. 12-23 Okt. 1985
   Toerprys: R1 350

Nader dr. en mev. Attie van der Colff
5e Straat 42
Linden
2195
Tel. (011) 782-9195

TIKWERK
U TESIS
GETIK (vanaf 62c per getikte A4 Blad)
GEKOPIEER (vanaf 6c per A4 Blad) &
INGEBIND (vanaf R1,25 per Tesis)
Trust Banksentrum
2de vloer Kantoor No. 223, Andringastraat
STELLENBOSCH
Skakel 02231-75222
L.W. Pryse is goedkoper indien u tydig bespreek.

Die bedrieglike gevaarte vanaf Tygerberg heet *Hippo*. Met al die verbande en sy drip ten spyt, het die jolige klomp mediese studente steeds drie ander inskrywings die loef afgesteek.

Trapkarre is nie net bloedsweet

STELLENBOSCH het Saterdag 'n uittog van seningrige bene, gewillige hande en pure mannemoed gesien met nog 'n dag se volbloed-trapkarwedrenne.

Elke span het voor in die kollig sy klompie trappers wat na 'n moedige paar rondtes terugsluip na die tente. Hier wag spanne vriende wat help om die bene te masseer, tyd te hou, wat moed inpraat en sommer net lekker kuier. En hier word gekuier: vriende van jou koshuis kom maak 'n draai, 'n klasmaat loop jou toevallig raak, en omdat hier so baie toeskouers is, sien jy 'n ou skoolvriend van jare gelede weer raak.

Van die Paul Revere-karavaan se kant af speel die musiek al van vroeg af. Die bloeddorstiger toeskouers draai by die kuipe waar die bestuurders wissel en die velle kort-kort waai. Ander hou hulle asems op by die laaste loopgangdraai. Hier wurm die karre tussen twee lamppale en 'n muur deur met die ongeërgheid van 'n slak op 'n kopkool.

Almal is nie goed genoeg om die sportblaaie te haal nie. Hagar van Helshoogte beslis nie. Die een arme drommel spook bykans 'n halfuur om die enigste bultjie uit te trap, sigaret in die een hand, toeter in die ander. Miskien is die klanktoerusting voorin net te swaar vir hom?

Hippokrates se Hippo is die mediese studente se manier om te wys hulle het ook 'n humorsin.

'n Operasiemasker, "drip", twee rooi ligte op die dwarsbalk en 'n ambulanssirene ten spyt, het die span 'n bedrieglike spoed aan die dag gelê.

Ons weet nie wie gewen het nie, want ons kon nie die rekenaar in die Neelsie verstaan nie. Maar met 'n pannekoek in die hand in sulke koue weer, het niemand eintlik omgegee nie.

VALLEY GARDEN PARTY

NA verlede week se slegte weer, is dit tot 23 Maart uitgestel, steeds by Pumulani. Musiek sal verskaf word deur 'n op-en-wakker Jazz-orkes uit Kaapstad.

Die kaartjieverkope vind daagliks tussen 12h00 en 14h00 in die loopgang plaas. Alle kos, wyn en 'n glas is in die R7,00 toegangsgeld ingesluit.

Padkaarte na Pumulani is ook op navraag beskikbaar. Sien jou daar!

Sien Malawi

DIE SR-lid vir Studentebelange, mnr. Francois Sieberhagen, reël tans 'n elfdagtoer na Malawi. Die toer vertrek vanuit Johannesburg op 30 Junie en keer op 10 Julie terug.

Besoek sal by Lilongwe, die Lombaplato, Liwonde Natuurreservaat en die Boadluhu eiland afgelê word.

Die toerprys bedra R813, en alle belangstellendes moet voor die einde van Maart 'n R150 deposito by mnr. Sieberhagen (70833/70138) of me. Hannah de Lange (71136) betaal.

Wilgenhof toon winter se klere

WILGENHOF het op Vrydagaand 15 Maart ter stywing van die huisfonds 'n mode-parade in hulle "Common Room" gehou.

Ses deeltydse modelle wat aan die universiteit studeer, het *Truworths* se nuwe reeks klere vir die winter vertoon. Dit het vanaf aanddrag tot by ontspanningsdrag gewissel.

Die haarsalon *Visions* het gesorg dat die modelle se hare die geleentheid gepas het, ook tydens die kleedrepetisies.

Die ses meisies, Marisa Tait, Seugnet van Niekerk, Louise Kruger, Thea May, Liesl Fichardt, Jackie Nel en Nikki Liebenberg is deur prof. Johann de Villiers (inwonende hoof) en sy vrou Louwina, die primarius, mnr. Gawie de la Batt en 'n Mej. Matieland-finalis, me. Marietjie van der Westhuizen beoordeel. Seugnet het met die louere weggestap.

Wilgenhoffers het die geleentheid gehad om saam met hulle vriendinne vir 'n skamele twee rand ook 'n kaas-en-wynfunksie na die modevertoning te geniet, waarna hulle die dans daar kon bywoon. Sowat 160 mense het die aand saam geniet.

Nikki Liebenberg neem die vloer.

INGENIEURSWEEK

Groot verskeidenheid sorg vir vele plesier

DIE ingenieursweek van 4 — 16 Maart het nie net gepoog om vermaak aan studente te verskaf nie, maar ook om nouer kontak tussen ingenieurs en ander studente te bewerkstellig.

Die verrigtinge het 'n paperjetkompetisie wat in die Gat plaasgevind het, ingesluit. Koeldranke en etes is oorhandig aan die deelnemers wat met hulle "jets" 'n teiken getref het. Die teiken sal in die vervolg kleiner gemaak word omdat dit vanjaar te maklik was om te tref.

Die finale rondte van die Mej. Ingenieurskompetisie het Woensdagaand in die Südwest Stube plaasgevind.

Die twaalf finaliste is reeds op 5 Maart deur finalejaarstudente aangewys.

Me. Elsa van Huysteen is aangewys as Mej. Ingenieur met me. Lizl Weber as eerste prinses en me. Desireé Viviers in die derde plek. Onder die eregaste was die dekaan van die fakulteit, professor H.C. Viljoen en die waarnemende dekaan, professor Coetzee.

Die Ingenieurstudenteraad, Desmond en Julian Baard van Volkskas Makelaars en die nagraadse ingenieurstudente het ook die geleentheid bygewoon.

Die gorrelklubvergadering wat Donderdagaand, 14 Maart, gehou is, was alleenlik op uitnodiging. Volgens mnr. Louis Heyns, voorsitter van VSIS, is daar gegorrel oor absurde, maar unieke, onderwerpe: Waarom goud in lood verander moet word en watter letter (en waarom) uit die alfabet moet verdwyn in 'n poging om papier te spaar in die huidige ekonomiese krisis. Verskeie vindingryke en hoogsrevolusionêre ingenieursontwerpe is ook voorgestel.

Die Peusel Penthouse op die sesde verdieping van die Algemene Gebou is Vrydag deur professor Coetzee geopen. Die Penthouse dien as die ingenieurs se eie kafeteria. 'n Coke-klas is na die opening gehou en dit was 'n afwisseling van die oorbekende koffieklas.

Die Ingenieursdans, deur 230 gaste bygewoon, was die hoogtepunt van die week. Die twee dekane en die borge was die eregaste by dié geleentheid wat in die stadsaal plaasgevind het. Me. Elsa van Huysteen is tydens die dans amptelik deur professor Coetzee gekroon.

Amper bo!

Bliktoring reik tot aan Admin se dak

TERWYL die trappers Saterdag laat waai het, is daar voor die Admin-anneks ander talente op die proef gestel. 'n Kompetisie om te sien wie die meeste bierblikke opmekaar kan stapel is gehou.

Sowat nege spanne het aan hierdie kompetisie deelgeneem. Twee spanne van Majuba en Oude Molen het op die ou end gesamentlik met die kis bier weggestap.

Die span van Majuba het 'n stellasie van 26 blikke gebou, waarna Oude Molen hulle met 29 blikke oortref het. Maar hulle toring tuimel toe ineen, 'n Majubaan tel een van die blikke op en 'n ontdekking volg! Die boonste vier blikke was vol sand!

Mnr. Pierre Burger, leier van Oude Molen, en mnr. Andreas Nel, leier van Majuba, kom tot 'n skikking en daar word besluit dat beide spanne weer sal probeer. Majuba was eerste aan die beurt en het 'n stellasie van 30 blikke gebou — tot teen die dak! 'n Onmoontlike troef sou mens dink. Glad nie, Oude Molen ewenaar hierdie prestasie!

Weereens het die twee spanne geskik en mnr. Jacey Kruger van Dagbreek, organiseerder van die kompetisie, het besluit om die prys, 'n kas bier, aan die gesamentlike wenners te oorhandig. Volgens mnr. Kruger was die mense aanvanklik traag om deel te neem, maar hy is van mening dat dit 'n groot sukses was en tot die karnavalatmosfeer van die trapkarwedrenne bygedra het.

Tvl'ers ry saam

TYDENS die komende April-vakansie sal daar weer 'n busdiens vanaf Stellenbosch na Johannesburg en Pretoria wees.

Die busse vertrek op 29 Maart om 16h00 vanaf die D.F. Malansentrum en sal die volgende dag teen 09h00 in Johannesburg, en 'n uur later in Pretoria wees. Die busse keer op 7 April terug Kaap toe.

Die koste verbonde is R165,00 retoer. Elke passasier is daarop geregtig om een tas saam te neem en 'n verdere R10,00 sal vir elke ekstra tas wat saamgeneem word, gehef word.

Belangstellendes kan die SR-kantoor, of Mnr. Okkie le Roux by (011) 7825569 kontak.

Gesonde kos kan ook lekker proe

PAPAJAMELK, agurkies in stroop gekook en 'n bruin broodrolletjie met maaskaas, pynappelheuning en rosyne!

Die gesonde, eksotiese kombinasie is die tipe heerlike geregte wat in die klein huislike kombuis van mev. Alet Jooste (langs Nobody's Business) te kry is. Die klem val op beide gesonde vars voedsel, oorwegend vegetaries, en 'n rustige huisatmosfeer wat menigte koshuisstudent sal laat huis toe verlang.

Daar is nie 'n asbak te bespeure in die bruin-en-groen kamer nie, met slegs 'n plastiek Coke-advertensie wat die sinvolle dekor steur.

Die beperkte ruimte met ses tafels en vier toonbankstoeltjies vul die snoesige tuisfrontgevoel en groot sakke tuisgemaakte beskuit, konfyte en selfs kerrieblatjang word ook verkoop.

Die hoender- en tunaslaaie wat voorgesit word, is baie populêr, en tereg so, want dis vars en voldoende. Bruinbroodrolletjies vorm die basis van 'n reeks broodjies met onder andere spruitjies, maaskaas, aspersies, komkommer en ham as hoofkarakters, Om dit alles mee af te sluk word rooibostee met heuning (55c), ystee (85c) of selfs vars wortel-en-appelsap (85c) voorgestel. Papajamelk en spanspekmelk verkoop teen 95c, piesangmelk 88c. 'n Koffiebreek word 'n geleentheid as dit gepaardgaan met die wortelkoek of kaaskoek met aarbeie. Probeer dit gerus!

STELLENBOSCH
UNIVERSITEIT

puppy love ®

☎ 02231-3866

KARNAVAL

Raak u Verloof?

lees dan verder . . .

Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikstes in u lewe . . . die keuse van die regte verloofring byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantdeskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.

Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmeewerke wat diamante en monterings teen groothandelpryse direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel pryse.

Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.

Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-en-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.

Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting to maak. Of, skryf vir ons gratis brosjure; "Kies 'n Diamant".

SPECTRA DIAMANTE
Sabelsentrum Nr 7
H/v Voortrekker & Durbanweg
Bellville Tel 97 5552

The Breughel has once again emerged as the perfect place for spending a delightful evening.

Breughel makes a vibrant comeback

A long-awaited event has at last taken place — the re-opening of the Breughel theatre. Older students who prefer a quiet evening with friends, good music and a bottle of wine, will still remember the good old days when the Breughel was THE place to visit for an atmosphere-filled evening.

The recently appointed manageress, Cara Dowling, is an ex-student with a diploma in Stage Management, which she obtained from the University of Stellenbosch. She plans some exciting events for the Breughel and kicked off with a very successful performance by *Amajinq*, a Langa-group who distinctly reminds one of the very popular group, *Amampondo*. This performance drew a raving audience and changed a rainy evening into a snug and pleasant one.

On the following night a jam-session took place — solid rock, blues and kwêla numbers were included in this, and it again had a big, appreciative crowd. Any person or group can use the Breughel for jamming purposes.

Cara says, "I want students to be aware of the Breughel as a place where they can experiment with music, theatre, mime, art, and puppet-theatre. They must feel free to do what they want to in the Breughel. it is a non-profit enterprise — we just want to survive."

The owner of the Breughel and the adjacent Pizzeria, Dr Ben de Haeck, aims at developing the Breughel into a cultural centre but he still wants students to enjoy whatever they are doing there.

Cara's eventual aim for the activities of the Breughel is Sunday evenings when most students are not in the mood for a roaring time. They will advertise whenever something is happening.

The Breughel also offers other possibilities — a coffee-bar is open every day of the week from 11h30 to 15h00, except for Tuesdays when it is closed. They serve sandwiches and other light meals and plan on baking their own health bread. Soup will be available throughout the winter. One can also hire the premises for weddings and other happy events. The Breughel has an excellent music system which makes organising a party so much easier. Another big advantage is the huge walled-in patio with tables and chairs standing around. In favourable weather, this can be put to good use.

Cara stresses the fact that she would like more theatre events in the Breughel. People can use the loft for rehearsals and storing purposes. A group of actors are currently rehearsing *Periandros van Korinthe* to tour schools.

She would also like artists to exhibit their work in the Breughel, especially artists who have not had the opportunity to display their work.

The idea of a street market in the area between the Breughel and the Pizzeria is also in the pipeline but she would first like an indication from students to see whether they are interested. So if you make clothes or jewellery or collect other forms of weird junk that you would like to sell, speak to Cara at the Breughel, or Annelie at the Pizzeria. They plan to have the streetmarket on Saturday mornings.

Go there and see for yourself. It is a very happy place.

LOMIN SAAYMAN

Unieke teater by bib

'n UNIEKE nuwe toevoeging is onlangs tot die Stellenbosse kuns- en sosiale kalender gedoen toe 'n groep studente die eerste twee in 'n reeks straatteater-uitvoerings op die trappe langs die Gericke-biblioteek gehou het.

Willem Smuts, die nie-amptelike koördineerder, sê dat sy einddoel is om geen organisasiewerk te doen nie. Hy wil hê dat studente spontaan moet deelneem aan hierdie uitvoerings.

Die eerste twee van hierdie impromptu-uitvoerings was groot suksesse. Ongeveer 500 tot 600 studente het die eerste twee uitvoerings bygewoon en die reaksie was buitengewoon gunstig.

Items op die reeds afgelope uitvoerings het 'n groot verskeidenheid ingesluit. Daar was *breakdancers* van Mitchells Plein, sangitems deur o.a. Heidi Edeling, twee kort dramas van André Mouton, poësie-voorlesings, ensovoorts.

Die program vir Dinsdag, 26 Maart, is nog nie gefinaliseer nie, maar die bekende kunstenaar, Nataniël le Roux, sal van die liedjies op sy nuwe plaat uitvoer. Verder is daar ook 'n moontlikheid dat Niky Daly sal optree.

Die straatteater sal, indien daar genoeg belangstelling is, elke Dinsdag van 12h00 tot 14h00 gehou word. Indien daar op 'n permanente basis met die straatteater voortgegaan wil word, sal die belangstelling wat tot dusver geheers het moet voortduur.

L'Auberge Provençale
FRENCH RESTAURANT

SUNDAY NIGHT
IS
PIZZA NIGHT

CHOOSE YOUR OWN
PIZZA AND FRENCH SALAD
FOR ONLY *R5,00* AND
LISTEN TO LIVE MUSIC

OPEN 7 DAYS A WEEK

DROSTDY CENTRE, Cnr. BIRD & ALEXANDER STREETS, STELLENBOSCH
TEL. (02231) 71942

DIE baie gewilde Kaapse Filmfees begin op 8 April in die Baxter-teater en duur tot 27 April. Gedurende die laaste week sal die gewildste films van hierdie fees ook in die Labia en in Stellenbosch by die Cines vertoon word. Daar word 45 films vertoon en al hierdie films sal voldoen aan die vereistes van die mees kritiese filmganger. Enkele van hierdie films is *Anos amours* (foto bo), *Paris Texas* — wenner van die Palm d'Or by die Cannes Filmfees in 1984, met Nastassia Kinski in die hoofrol, *Nostalgia* van Andri Tarkowsky, wenner van die Fiprescy-prys in 1983 by Cannes, *Marlene*, 'n film van Maximilian Schell wat handel oor die lewe van Marlene Dietrich en wat reeds vir 'n Oscar genomineer is en *La Garce (The Bitch)*, met Isabelle Rupert as regisseuse — dit handel oor 'n vrou se gewelddadige reaksie na 'n verkragting.

Hierdie Filmfees behoort definitief nie misgeloop te word nie.

digters digters digters digters digters

kindergebedjie

liewe heer

kom ons hou op speel
(hierdie spel spelletjie speletjie)
ek wil nie meer soek
of aanwees
of vrot wees nie

kom drink liewer by my tee, o heer
dan gesels ons soos (groot) mense
oor koeitjies
en maria se nuwe baba
en kalfies en skaapwagters

want god — here ek is moeg van wolf wolf
hoe laat is dit
sonder dat ek ooit sy wegkruipplek gekry het.

o.l.

Kunskalender

THEATRE:
Baxter:
Starting 20 March *Tramway Road* by Ronald Harwood.
24, 31 March *The Passion.* Peter Krummeck's adaptation of the Gospels.
H.B. Thom:
28-30 March *Die Wildsboudjie*, by Fritz Steyn, presented by Capab.
Nico Malan Arena:
Until 23 March *Barbara Carte Blanch and Friends . . .* à la Carte '85, an adult revue.

DANCE:
Nico Malan Theatre:
23 March *Dance Contrasts II; 6 Ballets.*
Baxter Studio:
Until 23 March *About 14 Feet*, presented by Jazzart.

MUSIC AND OPERA:
Cape Town City Hall:
24 March Sunday concerts.
21, 24 March Symphony concerts.
Nico Malan Opera House:
23, 26, 29 March *Aida* by Verdi.
Endler Hall:
27 March Bach, *St. John's Passion.*
24 March Compositions of Alban Berg.
Baxter:
26-30 March Amampondo.
St George's Cathedral: Bach Festival
21 March Mass in b minor.
5 April St Matthew Passion.

FILMS:
Cine 1 and 2:
Until 23 March *The Little Drummer Girl.*
23 March *Revenge of the Pink Panther.*
Until 23 March *Cannonball Run II.*
25-27 March *Police Academy.*
25-30 March *Fantasia & Revenge of the Nerds.*
28-30 March *Scarface.*
Labia, Cape Town:
22 March *Give my regards to Broadway*, with Paul McCartney, 20h15.
23 March *1900* at 17h30.
25 March *Cal* at 18h00, *Village Dreams* at 20h00 and at 22h15, *The Glitter Dome.*

FILMVERENIGING

DIE program van die Filmvereniging vir die volgende drie vertonings, lyk soos volg:
- **25 Maart** — *Fellini's Roma*
- **15 April** — *Fahrenheit 451*
- **29 April** — **Three René Clair Films.**

Vertonings begin stiptelik om 19h00 in lokaal 230 in die BJ Vorster-gebou. Lidmaatskapkaarte moet getoon word, en belangstellendes kan voor elke vertoning aansluit.

Ledegeld: Publiek, R12,00; studente, R7,00.

OP 27 Maart voer die US Strykorkes en die Stellenbosse Koorvereniging, o.l.v. Pieter v.d. Westhuizen, die St. Johannes-passie uit in die Endlersaal. Soliste sluit bekendes in, soos, Hannelie Rupert en Manuel Escorcio.

Besprekings by Computicket; toegangsfooi, R7,50.

Soraya Africa

Blomme en klere is haar groot liefdes

A profile by Lomin Saayman

DIT is onmoontlik om Soraya Africa se onverdeelde aandag te verwag wanneer jy met haar gesels. Sy word kort-kort onderbreek deur mense wat op haar persoonlike aandag aandring. 'n Vrou kom sê dankie vir die krans wat sy gemaak het vir 'n begrafnis, haar helpers kom vra geld vir koeldrank, toeriste wil foto's neem van haar tussen die kleurvolle mengelmoes van blomme — die versoeke hou nooit op nie.

Soraya het 'n bekende figuur in Stellenbosch geword. Sy sorg alreeds vir vyftien jaar dat geen koshuiskamer of koffietafel sonder 'n gerf vars blomme hoef te wees nie. Baie studente ken haar as die pragtige vrou wat nie omgee om 'n paar blomme vir 'n goeie doel weg te gee nie.

Soraya is 23 jaar gelede in Grassy Park gebore. Sy het daar grootgeword en woon nog steeds daar. Sy het met blomme rondom haar grootgeword. Haar ouma was 'n blommeverkoopster op die bekende blommemark in Kaapstad en haar moeder verkoop nog steeds blomme in Goodwood.

Sy het haar skoolloopbaan baie vroeg beëindig om haar moeder, wat gesukkel het om 'n groot gesin te onderhou, te help met haar blommestalletjie. Haar grootste begeerte was om 'n mode-

"Ek is so lief vir Stellenbosch dat hulle my maar op hierdie hoek kan begrawe."

ontwerpster te word, maar sy het die droom verruil vir 'n baie suksesvolle blommestalletjie in Stellenbosch.

Tog is dit baie maklik om te sien dat sy 'n natuurlike aanvoeling het vir smaakvolle klere. In haar koffertjie het sy twee foto's van haarself wat geneem is by 'n modevertoning en by 'n troue. Selfs 'n leek sou kon sien dat die uitrustings wat sy daarheen gedra het deur 'n kenner ontwerp en gemaak is.

Soraya het in 1970, onder haar moeder se leiding, begin met haar stalletjie in die Dorpsteeg en sedertdien is sy nog steeds daar. Sy kry haar blomme van Johannesburg en plekke rondom Kaapstad. Soos haar stalletjie uitgebrei het, moes sy meer mense in diens neem om haar by te staan. Evelyn Adam is haar regterhand vir die afgelope drie jaar en sy het ook Soraya se natuurlike aanvoeling vir die behoeftes en voorkeure van hul kliënte.

Volgens Soraya ondersteun die hele Stellenbosch haar en sy doen haar bes om hierdie lojaliteit nie teleur te stel nie. Sy sê, "Ek doen graag *specials* vir die studente. My eerste liefde is my blomme en die studente. As die Munisipaliteit my nie uitskop nie, sal ek nog baie lank hier wil bly. Die mense ondersteun my, en ek probeer iets teruggee. Ek wil net ek wees."

Soraya het nie 'n dokter Higgins of 'n Covent Garden nodig om haar gewild te maak nie. Die manier waarop sy haar blommestalletjie hanteer, maak haar 'n heldin in Stellenbosch.

Soraya se blommestalletjie het oor die afgelope vyftien jaar 'n onmisbare deel van die Dorpsteeg geword.

Fellini's Roma screened at Film Soc

THE brilliant Italian film, *Fellini's Roma*, directed by Frederico Fellini, will be shown by the Film Society on Monday, 25 March.

Although the name of the film might cause you to expect a documentary on the scenic city of Rome, it is rather three-quarters Fellini and one quarter Rome. According to Roger Greenspun this is a "very good proportion for a movie. Although an appreciation of the city informs every part of the movie, Rome is not so much the subject as the occasion" for the film.

The film is Fellini's tribute to a city which he loves very much but it is typical of him to film it mostly indoors on a sound stage.

***Fellini's Roma* begins with the young Fellini in the north, in Rimini, first learning about Rome in school, from friends or from conversations overheard in taverns. It continues to follow Fellini as a young man (played by Peter Gonzales) in his introduction to the city at the beginning of World War II.**

In Fellini's own words, "... when I hear the name Rome ... I think of a ruddy face, brown, muddy ground; or a vast tattered sky, like an opera backdrop, with tones of violet, black and silver."

***Roma* is almost wholly a journey of discovery and it richly epitomizes his career.**

* * *

AN animated short film, *Caninabis*, by Gaston Sarault, will precede *Fellini's Roma*. It is about a country dog with a particularly keen sense of smell who follows a seductive scent to the city and find himself addicted to marijuana.

Tradisie van Koor voortgesit

DIE Universiteitskoor het Vrydagaand hul jaarlikse togaseremonie gehou. Tydens dié geleentheid is weer bewys dat die koor 'n onlosmaaklike tradisie en onblusbare gees het.

Met die togaseremonie is togas aan die nuwe koorlede oorhandig. Willem Smuts, voorsitter, het hulle amptelik verwelkom in die koor. Die togas is 'n integrerende deel van koorlid-wees. "Dit is met hierdie toga wat ons die wonder van musiek ervaar", het mnr. Smuts gesê. "As jy die toga aantrek, berei jy jou voor op die konsert, reinig jy jou denke en word alles wat in jou is net musiek."

Ná die oorhandiging van die togas deur me. Acàma Fick, die dirigent, het die ou koorlede "The Benediction" vir die nuwelinge gesing.

Die koor is egter nie iets besonders net omdat hulle so 'n hoë gehalte musiek lewer of weens die tradisionele gebruike nie. Dis die spontaneïteit waarmee almal oplaas die "koor se liedjie", "Come Again", gesing het, wat die tikkie betowering wat die koor het die beste weerspieël. Die hegte band wat liefde vir sang tussen mense vorm, word in die koor ten duidelikste gemanifesteer. Hoe anders kan dit verklaar word dat sestig mense vier aande van die week vir 'n uur lank oefen en dan nog steeds entoesiasties bly?

Dis nie 'n ongewone gesig om 'n koorlid sing-sing deur die strate te sien loop nie. Dit is ongewoon om 'n klomp mense Middeleeuse musiek te hoor sing, vierstemmig en in harmonie, op 'n Sondagmiddag in *The Island*. Dít is die Koor.

Me. Acàma Fick, die nuwe dirigent, is baie lief vir Middeleeuse musiek. Dit word weerspieël in die repertoire van vanjaar. Van die koor vereis dit baie, want 'n nuwe sangtegniek moet aangeleer word, en Middeleeuse musiek moet heeltemal anders as bv. Renaissance-musiek benader word.

Me. Fick voel egter dat die koorlede baie kan leer op dié manier, en so ekstra verryking uit hul koor ervaring put.

Wie in die Universiteitskoor sing, het musiek in hulle niere. Dit werk deur in hulle optrede.

Bowenal sal almal wat in die koor sing, ontken dat dit 'n eer is. Dis 'n genade. Miskien dié dat Oom Flip gesê het, "Slegte mense sing nie."

M. Visser

L'ART

KOOS DU PLESSIS

'n STROEWE mond, strak oë, verwarde hare — dit is die beeld wat die buitestander van Koos du Plessis het. "Fyner" mense sê dat hy pretensieus was.

En eintlik was dit Du Plessis wat die liedjiebeweging aan die gang gesit én gehou het. Hy was tot met sy dood verlede jaar nog hard aan die skryf — 'n gedenkplaat met van dié onbekende liedjies word beplan.

Hy het geskryf oor die son en maan, liefde tussen mense en in sy mooiste, roerendste lied, "Herman", oor 'n gebreekte kitaar. Alhoewel sy lirieke eenvoudig is, kan hy jou beter as Chris (Chriskras) Barnard, in the Bosveld bring. Eenvoudige begeleiding — dikwels net 'n kitaar — komplimenteer sy soeke na sekerheid, kindertye en die ope sterrehemel:

"... maar die kimme bly blou, watter koers ek ook gaan ..."

Hierdie soektogte is 'n deurlopende tema van sy drie plate, nl. *Skadu's teen die Muur*, *As almal ver is* en *Herbergier*. Daarin waarsku hy dat hy net "'n storie, 'n lied" kan gee, "want dit, dit is al wat ek het."

Met *Kinders van die Wind* het hy internasionaal roem verwerf. Dit is reeds in 1967 geskryf. Later het ligpunte soos "Skadu's teen die Muur", "Boshoek se Dae", "As Skimme", "Molberge" en "Die Skreiende Soektog" gevolg. Op 'n stadium moes 'n ouerige dominee die Afrikaner waarsku teen die "sinisme" van Du Plessis, "wat sê dat die lewe geen sin het nie."

Die hartseer is vir my dat net die lede van die oorbelbegrafnisrok brigade, wat toevallig Afrikaans magtig is, na Koos du Plessis luister en hom waardeer. Tog het die Transvaalse minnesanger, Jannie du Toit, gesê dat hy in Du Plessis 'n vriend verloor het "en ek glo ons almal 'n brokkie son."

33⅓ RPM Side 1 33⅓

LESLEY RAE DOWLING:

Myths and Legends

WHEN Lesley Rae Dowling burst onto the South African Top Twenty with *Grips of Emotion* in 1982, she immediately managed to cut the figure of an indigenous, record-breaking Local Rock Star.

Her second LP *Unravished Brides* — reportedly the most expensively made local LP ever, featuring some of South Africa's most talented musicians (including Anton Fig, Joan Armatrading's full-time drummer and currently featuring on Cyndi Lauper's and Mick Jagger's debut albums) — refused to make a dent in the wall-to-wall coma which constitutes the SA record buying public.

Her third LP, *Split*, went largely ignored by all but those few voyeurs who made the effort to actually listen to it. So what went wrong?

That was the daunting question confronting the average Lesley Rae Dowling fan — me — as I watched the astroundingly diverse crowd gathering at the Oude Libertas Amphitheatre for her recent concert there with Amanda Strydom.

There were two easily identifiable types making up the audience. Firstly, the Young and Upwardly Mobile set, dressed from the pages of *Cape Style* and flaunting the sexual mannerisms they'd read about in *Cosmopolitan*: they're the kind who listen to "Smooth Operator" while driving around in their VW Golfs. Then there were the so-called "sub-species" arriving in their panel vans with surfboards perched on the roofracks: the guys wearing earrings in one ear, the chicks wearing strange funeral dresses. Throw in the odd pseudo-celebrity — David Kramer, Mynie Grové, Taubie Kuschlick, and you had an astoundingly diverse albeit cultural crowd to attend the show. Then the Star herself: barefoot, sporting a glittering designer dress that said, "I'm actually just like you but me, I'm a Pop Star!"

Now herein lies a tale. It seems that Lesley Rae Dowling has turned herself into a cultural happening at the expense of those very people who first shot her to stardom. The vamping on her *Pop Shop* videos, the camping on *Prime Time*, the endless modelling on fashion pages seems to have alienated her from the average groover who does not have $$$$ to spend on quasi-cultural records and shows. Problems with the press and the disastrous Sun City debacle are exacerbated by her airy fairy posturing. Ask her where she's from, and she'll probably answer, "Gnome Man's Land ..."

All these half-washed glamorous mannerisms have now eroded her credibility to a point where her records simply don't sell. And as we all know: like virginity or a contact lens, once you lose your credibility you simply won't get it back — at least not in this life. But in mid-1984 Lesley decided that the best way to get something is to act as if you already have it; so she took a trip across to England for talks with record companies there. Phil Collins and Mike Batt immediately expressed an interest in producing her next album; even Boy George and his friend/thing Marilyn bubbled and squeaked over her. However, the anti-South African policies

Lesley Rae Dowling

of the British Musicians' Union precluded any efforts towards an artistic collaboration, and Lesley was turned into an instant apartheid martyr. Thus we are now forced to bask in the decline of one of the most glorious voices ever to grace the graveyard that is South African Pop.

Now everyone who's ever been to a Lesley Rae Dowling concert knows that she does brilliant covers. Her version of "The Rose" totally eclipses Bette Midler's; her renditions of "Cat People" and "Ain't No Sunshine" also confirm the astounding magnitude of her interpretive ability. Then why do the songs of this *Myths and Legends* LP — supposedly a kind of Greatest Hits collection — orate so much on the ear, and why do they seem so boring? Simply because most of the songs included here are slow-moving ballads with an extremely limiting artistic range. Her voice seems unable to transcend the hackneyed swoops and nuances imposed by these basically mediocre offerings towards the stunning heights of "Everyman" or the brilliant "Armageddon", both of which are excluded from this album.

Mrs Dowling will have to do a lot better than the clichéd balladeering on *Myths And Legends* if she wants me to tick her card. She should start doing what she does best — writing and singing hot-blooded rock songs instead of the dispirited plodding through these inane romantic sentimentalisations.

So what does Lesley Rae Dowling write about? Well, sex *(Passion Of The Night)*, sexual impotence *(The Raven)*, rape *(Unravished Brides)*, sex *(No Time)* ... So listen tell me: I'm unmarried and I have a cute bum, am I the next Lesley Rae Dowling seven single?

You may not want to buy this LP for yourself but hell, the woman must also make a living. Buy it for your grandmother.

Marinus v. Ravenstein

Cobwebs
dorp st 14,5 stellenbosch
kerse bierbekers oorbelle
wynsakke teels blakers droë
blommetjies klere mandjies
glase skulpe geskenkpapier
lieberman geelhout syserpe
kaartjies silwer afdrukke

U.U.B. *VIR AL U*
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

Die Matie
Donderdag, 21 Maart 1985

Monster-uitslag is oorwinning vir redelikheid

DIE oorweldigende meerderheid waarmee die mosie teen *Die Matie* op verlede Woensdag se monstervergadering verwerp is, is 'n kompliment vir die studente van Stellenbosch.

Die uitslag is 'n oorwinning vir redelikheid en ruim denke. Dit bewys dat Maties nog vir hulself 'n saak rasioneel kan uitmaak, ten spyte van emosionele opsweping en grootskaalse organisasie teen *Die Matie*. Soos dit aan 'n universiteit behoort, is mense nog bereid om pers- en akademiese vryheid, 'n kritiese gees en die oop gesprek te aanvaar. Hierdie volwasse benadering gee nuwe hoop vir die toekoms van die Universiteit van Stellenbosch as een van die mees invloedryke akademiese instellings in die land.

***Die Matie* dien as 'n forum vir uiteenlopende standpunte; dit hang van elke individu self af of hy bereid is om die moeite te doen om sy standpunt te stel deur die kanale wat daarvoor bestaan. Die koerant sal soms op tone trap. Dit is in die aard van 'n koerant dat hy inligting moet weergee oor alle gebeure, goed of sleg. Deur huigelagtig op te tree en verkeerde dinge te verswyg, word die Universiteit se beeld meer skade aangedoen as wat die geval is waar mense bereid is om ook negatiewe dinge in die gesig te staar en iets daaromtrent te doen.**

Alhoewel die monster-uitslag as 'n mandaat beskou kan word, het *Die Matie* kennis geneem van die kritiek teen hom. Dis egter nie moontlik om koshuisnuus te plaas sonder die samewerking van die koshuisinwoners nie. Voor hierdie uitgawe is die HK's van alle koshuise gebel en gevra om nuus te verskaf; slegs twee het gereageer. Die primaria van een koshuis het gesê dat hulle nie koshuisnuus in *Die Matie* wil plaas nie, aangesien hulle hul eie koshuisblad het (soos die meeste ander koshuise).

Ons bedank die ondersteuners van *Die Matie* vir hul opregte bystand die afgelope tyd, en doen 'n beroep op samewerking aan diegene wat graag meer nuusdekking wil geniet.

Matie-redaksie

HOOFREDAKTEUR: ANTON STEENKAMP, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)
REDAKSIEKANTOOR: LTD-gebou nr. 0024 en 0025 (Tel. 72332 en 5979)
SEKRETARESSE: SONIA LOUW, Nerina (Tel. 2018)
BOODSKAPPE: Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: RIAAN SMIT, Andringastraat
ADVERTENSIEBSTUURDER: JANNIE NEL, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)
HOOFNUUSREDAKTEUR: ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 2287)
AKTUELE REDAKTEUR: LOU-MARIE KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 9882)
NUUSREDAKTEUR: MARISA HONEY, Brandwachtstraat 91 (Tel. 4541)
SPORTREDAKTEUR: DAVID V.D. WESTHUIZEN, Dagbreek (Tel. 71002)
KUNSREDAKTEUR: ANSO VAN ZYL, Jan Cillierstraat 6 (Tel. 9772)
SOSIALE REDAKTEUR: CHARL DU PLESSIS, Brandwachtstraat 32 (Tel. 024-36481)
INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: OCKIE DUPPER, Liebenhof 18 (Tel. 4838)
TAALREDAKTEUR: Vakant
ASSISTENT-TAALREDAKTEUR: Louis van Wyk, Eendrag (Tel. 72610)
HOOFFOTOGRAAF: MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)
SPOTPRENTTEKENAAR: ADRIAN LOUW, Majuba (Tel. 2010)
SUB-REDAKTEUR, NUUS: Jeanne Cilliers
NUUSVERSLAGGEWERS: M. du Toit, E. Wessels, C. Barnard, H. Gerber, S. Malherbe
SUB-REDAKTEURS, SPORT: Jeanine Okkenburg en Robert Bricout
SPORTVERSLAGGEWERS: Jaco Strauss, Louis Kriel, Frans van der Bank, Chris Theron
SUB-REDAKTEUR, KUNS: Dorrieh Elahi
KUNSVERSLAGGEWERS: S. Brits, S. Pauw, M. Visser, C. Bellingan, A. Lubbe, L. Poorter, R. du Preez
SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL: Nicolette Louw
SOSIALE VERSLAGGEWERS: R. Swanepoel, F. Brand, M. von Broembsen, E. Hamman
SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR: Craig Cleaver
INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: S. Herholdt, S. Mathews, J. Grobler, M. Truter, F. Beukman

AANSOEKE: DIE MATIE

AANSOEKE word ingewag vir die volgende vakature op die redaksie van *Die Matie:*
Sub-redakteur, Nuus (1 pos).

Aansoeke met relevante ondervinding moet voor Vrydag, 29 Maart om 12h00 in die SR-kantoor ingegee word.



Begroting: positief en negatief ontvang

OOR die begroting van 1985/86 is sedert Maandag alreeds baie gesê. Dit is in dagblaaie onder andere as "streng, maar billik", "austere" en "harsh" beskryf. *Die Matie* het met die volgende ekonome gaan gesels oor hul siening van die begroting: Prof. J.L. Sadie, voormalige hoof van die Departement Ekonomie aan die US, tans verbonde aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan die US; prof. S.J. Terreblanche, Departement Ekonomie, US; prof. W. Thomas, Departement Ekonomie, UWK en oud-student van die US en Hendrik du Toit, wenner van die Nedbank-begrotingskompetisie op Stellenbosch en Honneursstudent in die Ekonomie aan die US.

Prof. J.L. Sadie som die belangrikste implikasies van die begroting as volg op:

As mens by hierdie begroting die wil vir die daad neem, in die lig van die inwerkingstelling van 'n monster van maandelikse kontantvloei as kontrole, beloof hierdie begroting om 'n einde aan 'n era van onbepaalde bestedingsprogressie te maak . . . Nadat voorsiening vir die insluiting van items, wat voorheen buite-begrotingsposte was, gemaak word, is die styging 11,4% bokant die hersiene 1984/85 bestedingsom. Die vooruitsig is dus dat ons nie 'n herhaling van die 1984/85 toestande sal kry, toe die oorspronklike begroting slegs 11,4% bokant die vorige jaar se hersiene besteding was nie.

Aan die inkome kant is die gaping tussen inkomste (R26 585 miljoen op die 1984/85-basis) en uitgawe (R30 892 miljoen) verklein deur 'n netto addisionele R1 737 miljoen van belastingbetalers te eis. Hiervan moet die AVB met 'n addisionele twee persentasiepunte (vanaf 10% na 12%), 'n aandeel van byna 60% lewer. Dis nie onverwags nie, maar dit sal om en by 1,6% tot die verbruikersprys byvoeg. Die las van die inkomstebelastingbetaler sal enersyds verlig word deurdat die skaalprogressie uitgerek word om (in die geval van getroudes) die maksimumkoers van 50% by R60 000 in plaas van R40 000 te laat bereik. Die verligting sal in 'n onbepaalbare mate uitgeskakel word deur 'n 7% toeslag. Die verhoging in aftrekkings t.o.v. mediese koste, veral vir die ouer mense vir wie daar ook 'n hoër belastingkorting gaan wees, verteenwoordig 'n vermeerderde billikheidselement in die stelsel.

Indien die program, in die begroting opgeneem, tot op die letter uitgevoer gaan word, sal dit 'n groot verandering in geloofwaardigheid en vertroue teweegbring.

Prof. S.J. Terreblanche is gevra om in sy opmerkings veral te konsentreer op die herverdeling van rykdom, die vryemarkbenadering en privatisering:

In die algemeen dink ek dit is 'n strawwe begroting, maar dit is noodsaaklik in die stryd teen inflasie. Die Minister het goeie deursettingsvermoë getoon deur die bedrag wat die staat de bedrae, nl. R14,00, te laat styg. Aanvanklik sou die styging R18,00 vir blankes, R10,00 vir Kleurlinge en Indiërs en R8,00 vir Swartes wees. Dit is betekenisvol, want dit dui aan dat hul teenwoordigheid wel effek het. Ek sou sê daar was dus net matige herverdeling, maar dis darem iets.

Vryemarkbenadering

Die vryemarkbenadering wat die regering het deurdat die regering waar moontlik homself uit ekonomiese prosesse wil ontmoet leen te beperk tot minder as R3 miljard.

Herverdeling van rykdom

Volgens voorlopige gegewens sou ek sê die teenwoordigheid van Kleurlinge en Indiërs in die Parlement maak wél 'n marginale verskil in hulle guns.

Dit is interessant dat die betrokke Ministers van Ministersrade daarin geslaag het om maatskaplike pensioene met presies dieselfde bedrae te laat styg. Aanvanklik sou die styging R18,00 vir blankes, R10,00 vir Kleurlinge en Indiërs en R8,00 vir Swartes wees. Dit is betekenisvol, want dit dui aan dat hul teenwoordigheid wel effek het. Ek sou sê daar was dus net matige herverdeling, maar dis darem iets.

Vryemarkbenadering

Die vryemarkbenadering wat die regering het deurdat die regering waar moontlik homself uit ekonomiese prosesse wil ontrek, is 'n poging om staatsuitgawes te beperk. Staatsuitgawes styg met 11% terwyl die inflasiekoers 13% is. In reële terme begin staatsuitgawes dus daal. Wat afskaal van owerheidsbesteding betref, lê hef-aan nog voor.

Privatisering

Sover doenbaar, moet privatisering verwelkom word. Suid-Afrika se potensiaal hiervoor is waarskynlik nie baie groot nie: daar is nie voldoende kapitaal en ondernemingsgees in die privaatsektor beskikbaar nie.

Prof. W. Thomas is van mening dat ekonome oor die algemeen positief voel oor die begroting. Daarom konsentreer hy op die volgende punte wat miskien meer negatief is:

Die Atoomkragkorporasie by die Departement Minerale- en Energiesake kry R525 878 000. Hierdie bedrag kan in perspektief geplaas word deur dit te vergelyk met die R521 657 000 wat aan desentralisasievoordele in die Departement van Handel en Nywerheid toegestaan word. Die eerste bedrag is net 'n klein bietjie meer as die tweede. 'n Mens kan jouself afvra of prioriteite hier reg is.

By die Departement van Vervoer is die bedrag wat begroot is vir Black Bus Transport verhoog van R130 miljoen tot R210 miljoen. Die rede waarom hierdie busvervoer gesubsidieer moet word is gedeeltelik as gevolg daarvan dat volgens regeringsbeleid Swart vestiging buite stede is. Dit wys net hoe dramaties die resultate van ons regering se beleid is.

Dis moeilik om na aanleiding van hierdie begroting 'n indringende bespreking te doen van regeringbesteding aan verskillende rassegroepe, vanweë 'n kanalisering na "eie sake"-departemente. Mense kyk meer na die hoofbegroting, so baie aandag word nie geskenk aan die begrotings van ander owerhede nie.

Hendrik du Toit sonder die volgende punte uit as baie belangrik in die 1985/86 begroting:

Vir my is die belangrikste dat prioriteite reggekry is: Besteding aan onderwys is met 19% verhoog en besteding aan mannekrag met 14%, teenoor 'n relatiewe klein verhoging van besteding aan verdediging

(Vervolg op bl. 8)



Hierdie plakkaat in 'n Stellenbosse onderneming spreek boekdele . . .

Die Stellenbosse Politieke Ondersoek -en Gesprekskomitee het onlangs 'n besoek aan die swart gebiede in die Kaapse Skiereiland gebring. Hierdie foto van 'n bouvallige opslaanhuis wat op 'n duin gebou is, is tydens die besoek geneem.

SPOG ondersoek swart gebiede

DIE verhaal van swart verstedeliking in die Kaapse Skiereiland is 'n storie van drie stede, het Stellenbosse studente op 'n toer van die Stellenbosse Politieke Ondersoek- en Gesprekskomitee gesien.

Langtermyn

Kronologies, gevorm deur golf op golf van swart migrasie en klemverskuiwing op klemverskuiwing van regeringsbeleid, het eers die kompleks van Langa, Nyanga en Guguletu, toe die plakkerskamp Kruispad en nou die 'Nuwe Huis', Khayelitsha, ontstaan.

Mnr. Ricky Schelhase, gebiedsdirekteur van die plaaslike Ontwikkelingsraad wat die toer gelei het, het gesê dat instroming 'n "onomkeerbare proses" is. Volgens mnr. Schelhase moet besluite oor verstedeliking die langtermyn van vyftien tot twintig jaar in ag neem.

Die verstedelikingskwessie in die Wes-Kaap is die afgelope tien jaar op die spits gedryf deur twee breë tendense wat in konflik tot mekaar staan en in die Kaap saamgeloop het, waar dit steeds groot spanning veroorsaak.

Enersyds het die ekonomiese suigkrag wat mense van sover as die Transkei en die Ciskei na die Kaapse metropolis gelok het die afgelope dekade baie versterk. Die onafhanklikheidswording van die Transkei, sowel as die werkloosheid en gebrekkige infrastruktuur van daardie gebiede, het die natuurlike stroom laat intensifiseer, het mnr. Schelhase gesê.

Aan die ander kant het die owerhede volhard in hul pogings om die Wes-Kaap as Kleurling-voorkeurgebied te vestig en verdere swart verstedeliking te voorkom. Desentralisasie-maatreëls is in werking gestel om die grondoorsake van dié verstedeliking om te keer, terwyl met 'n ysterhand gepoog is om dié simptome daarvan te laat verdwyn.

Die drie oorspronklike swart gebiede, Nyanga, Langa en Guguletu, dra al klaar 'n baie groter bevolking as waarvoor dit beplan was. "Guguletu byvoorbeeld het geriewe en infrastruktuur vir slegs 35 000 mense, maar het tans meer as 80 000 inwoners," het mnr. Schelhase gesê.

Die instroming vanuit die Oos-Kaap het dié situasie vererger. In April 1975 het Kruispad ontstaan toe 800 hutte binne twee weke daar opgerig is. Met die ontstaan van verdere kampe het die aantal onwettige plakkers in die Wes-Kaap tot 40 000 toegeneem. Vandag is die bevolking van Kruispad 100 000.

Weens hul 'onwettigheid', die gesondheidsgevaar en maatskaplike probleme is in 1978 en 1979 besluit om die plakkers te verwyder. Nadat hulle van Kruispad verwyder is, het die swartmense egter weer teruggekeer. Pogings om Kruispad te begrens het ook misluk. Met verloop van tyd is die mees basiese dienste, soos 24 waterkrane en siekte inentings by Kruispad voorsien, hoewel dit stilswyende instemming was dat die plakkers wel regte in die Kaap het.

Nuwe plakkers bou aanvanklik ligte plastiekhutte. Eers as hulle sien dat die polisie hulle met rus laat, bou hulle stewiger strukture van hout, sink en asbes. Volgens mnr. Schelhase is die hutte so dig saamgepak dat byna geen dienste in Kruispad voorsien kan word nie. Dit bemoeilik veral misdaadbekamping en rioolverwydering. Baie van die inwoners bedryf klein groentewinkeltjies.

Botsings

Gemeenskapsleiers oefen gesag uit deur gesante, 'impi's' wat wit kopbande dra. Hulle vorder selfs belasting in van die inwoners. Botsings tussen hierdie faksies gebeur dikwels en die meeste van die leiers word nou aangehou. "Die 'moderates' in dié organisasies word algaande vervang deur 'hardliners' wat niks met die owerheid te doen wil hê nie," het mnr. Schelhase gesê.

Ná die mislukte repatriasie-pogings is meer dienste, soos verdere waterpunte, aangebring. Daar is steeds geen polisie-stasie binne Kruispad nie en slegs twee skole, wat deur die Stedelike Stigting ondersteun word.

Kruispad gaan nou moontlik as 'n woonbuurt uitgelê word. Daar is egter vir net 3 000 erwe plek. Tans is die bevolkingsdigtheid van Kruispad meer as 'n duisend mense per hektaar.

Dit word beoog dat sommige plakkers asook die oortollige bevolking van Nyanga, Langa en Guguletu uiteindelik in Khayelitsha gehuisves sal word.

Die feit dat Khayelitsha 30 kilometer van Kaapstad is (tien kilometer verder as Kruispad) het baie kritiek uitgelok. Volgens mnr. Schelhase is daar egter gesubsidieerde busvervoer na die Kaap en sal daar in September 'n verbindende spoorlyn aangebou word.

Kernhuise

Die eerste 5 000 kernhuise van Khayelitsha en die gepaardgaande infrastruktuur is binne 33 weke voltooi. 'n Kernhuis bestaan uit 'n badkamer, kombuis en slaapkamer.

Die 99 jaar-huurpagstelsel sal in Khayelitsha geld. Die gedagte met dié kernhuise is dat die huisbewoner self met verloop van tyd teen eie onkoste byvoegings tot sy huis maak. 'n Sentrum waar gratis advies en goedkoop boumateriaal verskaf word, is reeds opgerig.

Khayelitsha is tans net 'n tiende van sy beplande grootte. Die stad gaan eintlik vier dorpe beslaan — elk met eie dorpsentrum, skole, sportgeriewe en kerke. 'Roll-on'-gras en 500 000 bome is reeds aangekoop om die omgewing te verfraai.

'n Duisend van die huise word reeds bewoon. Nog 3 000 word vir wettige plakkers beskikbaar gestel. Daar word beoog dat 60 000 huise uiteindelik gebou sal word. Dan sal die inwonertal van Khayelitsha omtrent 300 000 wees.

Aktuele sake word op SR-toer bespreek

VANJAAR se studenteraadstoer van 25 tot 31 Maart het 'n opvoedkundige oogmerk, aldus me. Annami Oosthuysen, SR-lid vir Openbare Skakeling.

Inkatha

Met besoeke aan verskeie universiteite en openbare instansies sal SR-lede kennis neem van en gesels oor ekonomiese, finansiële en sosio-politieke kwessies.

Aktuele onderwerpe soos die politieke rol van Afrikaanse studente-organisasies, die prosesse van versoening in Suid-Afrika en die moontlike sosiale bewusmakingsrol van 'n studenteleier op die kampus, sal met ander Studenterade bespreek word.

Skakelgeleenthede met Tukkies, RAU, Kovsies, Potchefstroom en die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) is op die agenda. Benewens die formele gespreksvoering, wil die SR-lede gesels met die houers van hul portefeuljes op ander kampusse.

Die gebruiklike skakeling met die Inkatha Jeugbrigade word vanjaar hervat. Die besprekingsonderwerp fokus op die versoeningspogings tussen swart en wit in Suid-Afrika. Me. Oosthuysen hoop dat dié geleentheid sal lei tot beter begrip en insig tussen die jong Stellenbossers en die Zoeloes.

Onthaal

Met besoeke aan verskeie openbare instansies sal die SR-lede hul kennis oor die ekonomie, handelswêreld, die goudmyn-bedryf en die verstedelikingsprobleem kan opknap. Die Johannesburgse Effektebeurs, 'n Genkorgoudmyn, Barlow Rand en die Stedelike Stigting in Durban sal besoek word.

Die Studenteraad word ook onthaal by die Volkskashoofkantoor in Pretoria en deur die redakteur van die Johannesburgse oggendblad, *Beeld*.

Redakteur

Die redakteur van *Die Matie*, mnr. Anton Steenkamp, en die direkteur van Radio Matie, mnr. Dieter Fitschen, vergesel die veertien SR-lede.

Rhubarb

LITERARY contributions of any nature — poetry, prose, reviews, articles, ideas — are invited to be submitted.

Please hand in to the English Department Secretary.

For further details contact Stuart Mathews at tel: 4838.

Huis Div hou weer Sailors' Day

EEN van die trotse tradisies van Huis de Villiers is *Sailors' Day*, die jaarlikse huisfondsfunksie wat vir die eerste keer in 1944 gehou is.

Matroosdrag

Aanvanklik was dit 'n dag-lange funksie waartydens daar snoeperye en braaivleis verkoop en ook gedans is. Al die dames was in matroosdrag gekleed en die tuinkant van die koshuis is soos 'n boot versier. *Sailors' Day* is simptelik geopen deurdat die primaria die "boot" te water gelaat het.

Sokkie

Die afgelope paar jaar is *Sailors' Day* in die vorm van 'n informele ete in die tuin en 'n sokkie in die eetsaal gehou. Al die dames sowel as hulle metgeselle is soos matrose aangetrek, en die primaria laat nog steeds die "boot" te water. 'n Mej. Saior, die dame wat die beste volgens die tema aangetrek is, word nou ook elke jaar gekies.

Sailors' Day '85 vind op Vrydag 22 Maart plaas en beloof om, soos in die verlede, 'n groot sukses te wees.

USKOR

Goeie samewerking help hawelose bruines

DIE Universiteit van Stellenbosch se Klinieke Organisasie (USKOR) het weer eens sy stempel afgedruk in Cloetesville. Op Saterdag, 23 Februarie 1985 het 'n oorbewoonde huis in die gebied weens 'n beweerde elektriese kortsluiting afgebrand. Hierdie ramp het te weeg gebring dat 51 persone onmiddellik huisvesting moes bekom.

Hervestiging

USKOR het in samewerking met die munisipaliteit van Stellenbosch en die SAW 'n geskikte terrein gevind vir die oprigting van tente. USKOR was in hoofsaak ook betrokke by die tydelike hervestiging van die persone en die verligting van indiwiduele materiële nood.

Vrywilligers

Hierdie daadwerklike optrede binne die gemeenskap getuig volgens die voorsitter van USKOR van goeie onderlinge samewerking en koordinasie tussen USKOR en die onderskeie gemeenskapsbronne. USKOR wil ook die geleentheid gebruik om sy dank te betuig teenoor alle betrokkenes wat meegewerk het om die nood te verlig.

Betreffende die nabye toekoms gaan die organisasie ook die geleentheid benut om studente (vrywilligers) betrokke te maak by die opheffingswerk en selfontwikkeling van die tydelik hervestigde persone. Studente sal hoofsaaklik betrokke kan raak by speelgroepe vir kinders, huisflytgroepe vir die vrouens, asook ander geinisieerde ontspannings- en opvoedkundige projekte.

Naasteliefde

Laastens, voel die voorsitter, moet studente hierdie geleentheid beskou as meelewing tot gemeenskapsdiens en die betoning van naasteliefde. Belangstellende studente kan vir verdere inligting die USKOR-kantoor by Victoriastraat 39, agter die Buro vir Studente-voorligting kontak.

Hierdie hande het 'n Monster ondergekry. Deel van die sowat 3 000 studente wat verlede week se Monstervergadering in die D.F. Malansentrum bygewoon het. Die mosie teen *Die Matie* is met 'n meerderheid van stemme verwerp. Gelukwense van regoor die land het ná die vergadering begin instroom.

Hoë sukseskoers by plegtigheid genoem

DIE Universiteit van Stellenbosch het verlede Donderdag sy 75 000ste akademiese kwalifikasie sedert sy ontstaan in 1866 toegeken. 'n Totaal van 75 054 grade en diplomas is al deur die Universiteit toegeken.

Tydens die seremonie het prof. Mike de Vries, rektor van die Universiteit, gesê hy is bereid om die boeke van die US oop te stel want "die US het niks om te verberg nie". Hy het gesê dat dit jammer is dat daar in die onlangse polemiek oor die US van "toesmeerdery" gepraat is. Prof. De Vries het gesê as die boeke van die US oopgestel word, daar realisties en objektief na die studentegemeenskap gekyk moet word.

Hy het gesê hy is trots op die studente van die US en die akademiese prestasies wat aan die Universiteit behaal word. Hy het die sukseskoers van 75 persent genoem as bewys dat hier wel gewerk word.

Majuba wen Matie-eksamen

MAJUBA is op 'n onlangse kaas-en-wyn-geleentheid aangewys as die koshuis met die hoogste gemiddelde persentasie in die jaarlikse Matieeksamen, wat vanjaar deur 2 100 Eerstejaars afgelê is.

Wisseltrofee

Harmonie en Aurora, onderskeidelik tweede en derde, se prestasies was kort op die hakke van Majuba se wengemiddeld van oor die negentig persent. Die gemiddelde prestasie van alle koshuise was 'n cum-gehalte 75 persent, terwyl ag persone elk volpunte behaal het.

Vanjaar is vir die eerste keer 'n wisseltrofee aan die wen-koshuis oorhandig, terwyl sertifikate aan die eerste drie koshuise oorhandig is. Mnr. Le Roux van der Westhuizen, voorsitter van die Studenteraad, het die pryse uitgedeel en in 'n kort toespraak gesê dat die Matieeksamen 'n belangrike rol speel om nuwelinge met noodsaaklike kampusfeite vertroud te maak. Mnr. Frank Raymond, SR-lid vir Studentebelange, het daarop gewys dat daar in vanjaar se eksamen bykans geen onreëlmatighede voorgekom het nie.

Blapse

Die klas van '85 het ook die gewone aantal blapse opgelewer: een kandidaat was oortuig dat sy nuwe rektor prof. Mike de Vrees is en dat die Universiteitskoor deur Paul Slabolepzpy afgerig word. Een of ander verdwaalde Eerstejaartjie dink seker nou nog dat die Langenhoven-Studentesentrum eintlik na dr. D.F. Malan vernoem is, en dat dit ook die bekende braairestaurant, die Koekeloer, huisves. Dan weet almal natuurlik dat SCA die afkorting van die 'Stellenbosse Chemiese Afdeling' is.

Tweedejaars klim Helderberg uit

OP Sondag 10 Maart het Helderberg se tweedejaars 'n tradisie van meer as 15 jaar voortgesit met die klim van Helderberg se hange. Die piek is na omtrent twee en 'n halwe uur se stywe klim bereik.

Bo-op die berg het die primarius van Helderberg, mnr. Leon Halgryn, die tweedejaars se verantwoordelikheid aan hulleself en hulle koshuise uitgelees. Daarna het almal die koshuislied gesing.

Om stemreg oor koshuisaangeleenthede op huisvergaderings te verkry word daar van tweedejaars verwag om hulle name in 'n boek, wat spesiaal daarvoor gemaak is, te teken. Die klim van Helderberg is nie 'n vereiste vir die verkry van stemreg nie, maar dien slegs om 'n eenheidsgevoel onder die tweedejaars te bewerkstellig.

Alhoewel hierdie uitstappie vir buitestaanders futiel mag lyk, het dit vir die tweedejaars van Helderberg besondere konstruktiewe en tradisionele waarde.

SPOG-uitstappie na swart woongebiede gee nuwe perspektief

KARIN STRYDOM, SR-LID VIR SPOG EN PUBLIKASIES, skryf:

Ek wil graag reageer op 'n brief en 'n berig in die vorige uitgawe van *Die Matie* (13 Maart 1985).

Hoewel "Bekommerd" in sy/haar brief oor die uitstappie na Khayelitsha dit nie spesifiseer dat dit deur SPOG (die Stellenbosse Politieke Ondersoek- en Gesprekkomitee), gereël is nie, wil ek net 'n bietjie perspektief op die besoek plaas.

Veral na aanleiding van 'n SP-mosie wat einde 1984 oor Khayelitsha aangeneem is en die klaarblyklike onkunde wat daar onder lede van die Studente-unie heers oor die ware lewensomstandighede van die stedelike Swartman in die Wes-Kaap, het SPOG sy reglementêre plig nagekom en 'n inligtingsbesoek vir 60 mense na Kruispad, Nyanga en Khayelitsha gereël. In hierdie uitgawe van *Die Matie* sal u meer volledig daaroor kan lees. SPOG staan juis grondige ondersoek en dialoog voor as 'n wegspringplek om 'n blywende vrede in Suidelike Afrika te verseker.

Uit die trant van die brief blyk dit egter dat die groep bloot 'n "liefdadigheids" of 'n "loer-oor-'n-afstand" besoekie meegemaak het sonder om werklik belang te stel in die baie aktuele probleem waarmee ons hier in Kaapstad te kampe het.

Ek kan nie die woord voer vir 59 ander studente nie, maar persoonlik het ek baie meer bewus geraak van die omvang en erns van die probleem, asook meer vasberade geraak om saam te werk tot 'n moontlike oplossing daarvoor. Ek is seker dat al die jong "Afrikaners", Matie-baadjies en hoëhakskoentjies of nie, met reg bekommerd was.

Ek wil ook graag glo dat hulle, sowel as die ander driekwart van die bus wat nie aan die bogenoemde beskrywing voldoen het nie, baie meer begrip sal toon vir die huidige en toekomstige probleme van die besoekte sowel as ander swart woongebiede. Sou "Bekommerd" se brief werklik die "ware kleure van die Suid-Afrikaanse samelewing" aandui, glo ek ook dat die besoekersgroep hul invloed op die kampus sal laat geld om so 'n ingesteldheid te laat verdwyn.

Ek wil graag *Die Matie* bedank vir die beriggewing oor die Publikasiekomitee se skoling vir Koshuis- en Verenigingsredakteurs, maar het 'n puntjie van kritiek op die manier waarop die beoordelingskriteria aangeraak is.

Redakteurs wat nie die geleentheid kon bywoon nie, krap nou seker kop oor die wiskundige berekening van die punte. Die prentjie behoort meer duidelik te word as taalgebruik, oorspronklikheid en foto's elk 10% tel. Kriteria word meer volledig in dié uitgawe gedek.

Ten slotte: Mnr. Willem Aldrich en Dagbreek, die Publikasiekomitee is terdeë bewus van die ware uitslag van 1984 se Publikasiekompetisie. In die annale staan die uitslag darem korrek aangeteken.

Dronkes beledig bruin studente

SO (HOT)-NOT-A-DÊM, skryf:

As eerstejaar mediese student aan die Universiteit van Stellenbosch — 'n universiteit wat in 'n breë sin te kenne gee dat dit liberaal in die Suid-Afrikaanse opset is in vergelyking met ander Suid-Afrikaanse universiteite — wil ek my misnoeë te kenne gee oor die benadering van (vermoedelik wit) studente teenoor sogenaamde anderskleuriges. Ek sal graag wil hê dat ons "wit Maties" moet besef dat die tyd reeds lankal verstreke is waar 'n persoon met 'n donkerder velkleur as sy mindere geag word.

In 'n voorval verlede week was ek deur 'n paar studente beledig in terme wat glad nie aanvaarbaar is in 'n opgevoede en gedissiplineerde samelewing soos waarin ons veronderstel is om te lewe nie.

Wat my veral opgeval het was:

- dat dié "studente" dronk was — en as hulle so 'n uitlating in die publiek (sonder om te skroom) kan maak, hoeveel te meer word dit nie gedink as hulle nugter is en as hulle langs jou in dieselfde klas sit nie — "a drunken man speaks a sober mind" — onthou dit!
- Daar was twee studente van die Universiteit van Wes-Kaap saam met my — ook eerstejaars. Vir hulle was dit asof die aanspreekvorm 'n alledaagse gebruik op die Stellenbosch-kampus is — en aanvaar dit so. Hoe verduidelik 'n mens so 'n saak? Ek was heeltemal vernederd en van balans. Ek kan u verseker dat die voorval alreeds versprei is onder UWK-studente. Ek persoonlik het dus 'n heel verwronge beeld van Stellenbosse studente, wat hul verhouding met "nie-wit" studente betref, gehad — altans só het ek tot nou toe nog gedink. Graag wil ek 'n beroep doen op Stellenbosse studente dat hulle van die "maskers van voordoen" ontslae moet raak. Die "wit studente" moet leer om eerstens teenoor hulself eerlik te wees alvorens hulle teenoor "ons" kan eerlik wees.
- Dit wil my voorkom asof toestande nie daardie inherente "ek-is-jou-meerdere"-houding van sommige studente sal kan verander nie. Ek is jammer vir daardie persentasie wat dit opreg en eerlik bedoel wanneer hulle met "my" gesels en óór "my" gesels.

'n Mens wonder dan regtig of die US nie beter sou gewees het as dit 'n geslote universiteit gebly het nie? Moet die Universiteit se karakter regtig deur sulke agterlike mense afgebreek word?

DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.

Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.

So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.

Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.

GEKLASSIFISEERD

VERLORE

ONS is dringend op soek na ons vlag wat tydens oriëntering uit die voorportaal verwyder is. Dit is 'n wit vlag met 'n blou duif en die naam, Irene daarop. 'n Beloning is nie uitgesluit nie.

GELUKWENSING

IRENE wil net baie geluk sê aan ons Mej. Matieland, Carla de Marinda.

GESOEK

'n STUDENT om 'n Landrover ná die April-vakansie vanaf Windhoek na Stellenbosch te bestuur. Kontak mev. Stofberg by tel. (02324) 769. Verkieslik saans.

Oom Matie: woes dankie

KLEIN KARELTJIE skryf:

Liewe Oom Matie, nou lat jy terug is en seker tawwer is as voor die MONSTER, skat ek jy kan my miskien jelp.

Sien Oom, ek kan nou nie meer langer toustaan in die Kerneelsie vir 'n ou spoegie koffie nie, nie as ek nog boonop vir 'n ou sitplekkie ôk moet gaan soek nie. Wil jy nie maar miskien een van daai "bigwigs" met die rubberarms vra om so bietjie aandag aan ons plein studente te gee nie?

Hoe lykit met sommer net 'n plein ou masjientjie of twee waar ons ons sente kan ingooi vir so 'n plastiekkoppietjie koffie? Sit hulle hom nou êrens aan die Kerneelsie se annirkant, hoef niemand langer tou te staan nie.

En voor die somer kom, kan daai ou van studentebelange nie ook sommer reël vir 'n paar tafeltjies en musiek in die loopgang nie? Dink net hoe lekker sal 'n mens nie daar kan kuier nie. Daarby saam kan hy iets probeer doen aan die skoonmaak van die goed, want ek weet nie of ek op verkeerde tye daar kom nie, maar die goed wat daar nou is, is net altyd smerig.

Asseblief man, gooi dan bietjie jou gewig daar rond, jong.

Woes dankie.

Initiation taints dignity of students

MARK OPPERMAN, 88 BIRD STREET, STELLENBOSCH, writes:

Congratulations to you and your staff for a paper of such high standing!

It was a good thing to see the illicit practice of initiation being pin-pointed in a way which has prompted the authorities to investigate the whole matter. There is no doubt in my mind that there exists in Stellenbosch great confusion between the terms initiation and orientation. We are supposed to orientate the newcomer to feel welcome in, and to come to grips with, his new environment. However, how many students have not been disorientated by the workings of the "doop" committees? The laws governing orientation are definitely not adhered to and publicised enough. Besides this, they are badly defined in that they provide numerous loopholes for subjecting first years to illicit practices.

The law clearly states that first years should not be subjected to wearing suits on campus. However, the presence of first years on campus, sweltering under the burden of collar and tie is a common sight. Why should first years be subjected to wearing collar and tie and distinctive name tags and emblems? Most committees when challenged on this, comment that the laws refers distinctively to suits and not sport jackets and tie. But yet the effect on the first year is exactly the same as if he was forced to wear a suit.

The most worrying thing about Stellenbosch is the attitude of some of the supposedly educated students of our country. Laws may change but attitudes seem to die hard. It is not uncommon to hear the trend: "I agree with initiation because I went through it and everyone else must as well." This is indicative of an unthinking student body which in my mind will hardly provide great leaders of this country in the future. What is happening in the student community on one hand is reflective of the die-hard attitudes in the country. Why do you believe in apartheid? "My father says it is a good thing and besides there is no other way." Any thinking Matie would disagree with this attitude and realize that it is no longer possible to face issues by agreeing with heresy and tradition.

We as students have rights but we also have duties and responsibilities. We always spout about our rights but are hesitant to face our duties. We have failed in our duty if we allow initiation rites to continue at an institution which should be a forerunner in the quest for justice for all people. Justice implies recognising the right of every individual to be truly human with dignity. Anything that taints the dignity of man or hampers him in his quest to be truly human and creative is not worthy of our support. Any activity which attacks the dignity of man, which humiliates him and makes him feel inferior only serves to dampen his creativity and his willingness to serve. Anti-apathy campaigns are commonly talked about in Stellenbosch. First year orientation programmes can play a big role in the eventual participation in university life. Are our programmes promoting willingness to serve? Or do negative experiences cause apathy?

Best wishes to *Die Matie* for showing that they are not afraid to reveal the truth and for a strength which enables apologising for mistakes made; in my mind a good newspaper.

Uit die SR en SP

OP die Studenteparlementsvergadering van Dinsdag, 19 Maart, is vyf mosies en twee dringende voorstelle bespreek.

Negentig minute van die vergadering is gewy aan die eerste mosie. Die mosie wat deur mnr. Phillip Verster ingedien is, het gelui dat "die SP (i) die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na Nasionale Studenteorganisasies puntgewys goedkeur; (ii) die verslag in sy geheel aanvaar as beleidstuk".

Mnr. Verster het in sy motivering van die mosie gesê dat "daar bestaan 'n behoefte na skakeling van Stellenbosse studente met dié van ander kampusse". Volgens hom is die skakeling tans geensins voldoende nie. Stellenbosch se leierstruktuur word die ergste deur die gevolglike isolasie getref," het mnr. Verster gesê.

Volgens hom moet Stellenbosch self soek na moontlike raakvlakke met studente op kampusse met ander politieke opinies.

In die verslag word daar dan ook ondersoek ingestel na die raakvlakke tussen Stellenbosch en nasionale studente-organisasies, soos NUSAS, die ASB, AZASM, COSAS en die NSF. Die Stigting Studentedialoog en die YLF is ook in die verslag behandel, hoewel hulle nie nasionale studente-organisasies is nie, maar wel gespreksforums.

Die aanbevelings van die verslag, en wat met 'n meerderheid deur die SP aanvaar is, lui onder meer dat "die ASB is die nasionale studente-organisasie waarbinne die US hom die beste sal kan tuis vind; daarom moet die SR nouer met die ASB skakel".

Tydens die bespreking van die mosie het mnr. Frans Raymond aan mnr. Verster gevra wat van die US se Swart studente sal word indien die SR besluit om nouer met die ASB te skakel, deur byvoorbeeld by die organisasie te affilieer. Mnr. Raymond wou ook weet watter finansiële implikasies affiliasie vir die universiteit sal inhou.

Nadat die mosie van mnr. Verster met 'n meerderheid aanvaar is, is die tweede mosie van mnr. Verster aanvaar waarin gevra word dat die SP aan sommige SR-lede opdrag gee "om die moontlikheid van ondersoek dat die beginsels van die verslag na studente-organisasies in die SR-regimente van die betrokke pertefeuljes vervat word", aanvaar.

Tydens die vergadering, wat meer as drie uur geduur het, is mnr. Johan Bell (SR-lid vir Karnaval) se verslag oor die sluiting van strate tydens Vensterversiering ook aanvaar.

Begroting

(Vervolg van bl. 6)

(8½%).

Dit is na my wete, die eerste begroting waarin 'n langtermynstrategie gevolg word en waar die langtermyndoelstelling gesonde groei is. Die regering beweeg dus weg van korttermynrisikobestuur (iets wat voorheen baie kritiek uitgelok het). Hierdie begroting moet gesien word as 'n korttermyn plan om 'n basis daar te stel ten einde 'n langtermyndoelstelling te bereik.

Met die nuwe begroting is beter kontrolemaatreëls gestel oor staatsbesteding.

Die Kleurlinge en Indiërs was baie verantwoordelik met hul eise. Hulle het besef die land is in 'n swak ekonomiese posisie. Mens kan met die volgende begroting groter eise verwag.

The Outlet

Factory Shoe Shop

1 000de pare skoene teen lae, lae pryse

Ruim Parkering
Ruim Parkering
Ruim Parkering

Besigheidsure:
Maan. — Vry. 8.30 — 5.00
Sat. 8 — 12

Birdstraat 91 Stellenbosch ☎ 70893
(oorkant Mastertreads)
'n Groot versameling skoene
vir die hele gesin teen fabriekspryse

TIKWERK
U TESIS
GETIK (vanaf 62c per getikte A4 Blad)
GEKOPIEER (vanaf 6c per A4 Blad) &
INGEBIND (vanaf R1,25 per Tesis)
Trust Banksentrum
2de vloer Kantoor No. 223, Andringastraat
STELLENBOSCH
Skakel 02231-75222
L.W. Pryse is goedkoper indien u tydig bespreek.

DOOPDEBAKEL

Sameswering verhoed optrede van owerheid

S.J. HERHOLDT, skryf:

Heel aan die begin wil ek my bekommernis en gegriefdheid uitspreek rondom die afgelope doopdebakel. Te veel mense is onnodiglik benadeel en ons Universiteit se beeld is deur al wat 'n sensasieblad is, bygedam.

Tog voel ek dat alles verhoed kon gewees het. In *Die Matie*, 18 Maart 1983, lees ek die volgende woorde van die Rektor, prof. M.J. de Vries op bl. 15: "Daar is die afgelope tyd heelwat in die nuusblaaie oor oriëntering geskryf. Die Rektor, prof. Mike de Vries, het in *Die Burger* op gerugte dat eerstejaars aangerand en verneder word gesê dat indien hy van sulke voorvalle bewyse kry, daar ferm teen die skuldiges opgetree sal word." Verder sê die Rektor dat hy inligting oor beweerde doopwanpraktyke wil ontvang. Die informasie wat hy twee jaar gelede gehad het was egter "baie vaag". Ek lees toe verder: "Hy (prof. De Vries) het gesê dat dit nodig is om hierdie insidente en gerugte aan 'n spesifieke koshuis te verbind sodat daar opgetree kan word . . . maar dat 'n sameswering tot stilswye die owerhede verhoed het om alle ontgroenings vir eens en vir altyd uit te roei.

Ek glo dat die rektor sy woord gestand sal doen. Hiermee bedoel ek nie dat 'n heksejag op tou gesit moet word nie. Soos baie bekommerde Maties en Matie-ouers vra ek net dat die ondersoek-komitee hul bevindings openbaar sal maak, en dat die Senaat verwikkelinge so sal reël dat alle doopprobleme en verwante binnegevegte om vredesnaam gestaak sal kan word.

Die Primarius van Helshoogte is B. Olivier en nie B. Verster soos aangegee in die Matiedagboekie nie. P. Verster, SR-lid, se tel. no. is 76700 i.p.v. 4031.

Matie is puik maar het nog tekortkominge

HANNEKE DE BRUYN, LYDIA, skryf:

Baie geluk met die oorwinning en baie dankie vir die redakteur se puik toespraak. Met die hulp van Hennie Bester het julle die wa deur die drif gesleep! Die vrees en hartseer dat ons miskien nie meer 'n *Matie* gaan hê om te lees nie was groter en het vlakker gelê as wat ek verwag het. Gelukkig het dit nie werklikheid geword nie — lank lewe *Die Matie!*

Ek het die mosie vir die afdanking van die redaksie van *Die Matie* teengestaan omdat:

— dit onregverdig is teenoor die redaksie; 'n monstervergadering kon 'n onregverdige manier van beswaar aan teken wees (massahisterie, opsweping, ens.).

— die massavergadering was gereël op 'n stadium waar ander "skokgebeurde" emosionele reaksie by mense uitgelok het. Hierdie emosionele reaksie wou die inisieerders van die mosie teen *Die Matie* gebruik.

— die dringendheid van die opstel van die mosie (nadat die Wilgenhof-storie *sub judice* geword het is daar onmiddellik na 'n ander rede gegryp) was nie geregverdig nie. Dit was duidelik dat die opstellers van die mosie wou verhoed dat nog 'n *Matie* verskyn onder die huidige redaksie.

— die afdanking van 'n redaksie is 'n te drastiese stap (as eerste stap) van optrede.

Maar, alhoewel ek *Die Matie* baie geniet — ek sien meer na *Die Matie* uit as die *Sarie*-tydskrif — stem ek op 'n gekwalifiseerde wyse saam met die een belangrike punt van kritiek wat uitgespreek is, nl. dat *Die Matie* te krities ingestel is. Ek voel die volgende:

• *Die Matie* is nie bloot te krities of negatief (of hoe dit ook al gefraseer kan word) nie.

• Ek stem heeltemal saam met die gedagte dat 'n koerant krities moet wees om lewend te wees. (*Die Burger* "flop" by sommige intelligente lesers omdat dit te onkrities is.)

• Maar net soos 'n kritiese ingesteldheid (in die positiewe sin van die woord) essensieël is vir 'n goeie koerant, so is verslaggewing/inkennisstelling / bekendmaking ook 'n essensiële, basiese kenmerk van 'n koerant. 'n Koerant se doel is, en bly, altyd tweeledig, nl. om in te lig en om kommentaar te lewer.

Ongelukkig is "inligting gee" en "kommentaar lewer" nie twee waterdigte kompartemente nie. Enige goeie koerant sal juis kommentaar lewer oor die inligting wat hy gee.

Die probleem met *Die Matie* lê vir my hierin: Die mense wat die sterkste joernalistieke skryfstyl het en wat die leesbaarste is, skryf berigte wat hoofsaaklik kommentatories (krities/ontledend) is, terwyl die met minder talent vir verslaggewing/inligting gebruik word. Wanneer 'n leser dus *Die Matie* lees, maak die kommentatoriese berigte 'n groter indruk en bly dit die leser by, terwyl verslaggewende berigte onmiddellike vergeet word. Dit word "dismiss". (Ek moet onmiddellik toegee dat dit logies is dat meer ervare lede van die redaksie die kommentatoriese berigte skryf.) Kommentaar is 'n baie (uiters) belangrike faktor vir die sukses van die koerant. Maar *Die Matie* soos dit ons is lei die leser om te oordeel dat *Die Matie* eintlik 'n krities-kommentatoriese koerant is en tweedens 'n inligtingsbron is. *Die Matie* het dus self 'n aandeel aan die wanopvattings dat dit suiwer 'n kritiekblad is. Alhoewel ek daarvan oortuig is dat die kommentatoriese funksie baie belangrik is, is daar tans nie heeltemal die regte balans tussen kommentaar gelewer en inligting weergee in *Die Matie* nie.

Die oplossing vir die probleem is eenvoudig: Verbeter die gehalte van inligtinggewende beriggewing sodat dit goed vergelyk met die kommentaarberigte — of in ieder geval nie skerp afsteek soos tans die geval is nie.

Voorstelle:

Laat die kommentaarskrywers ook inligtingsberigte skryf óf voeg 'n groter element van suiwer, feitlike en onemosionele inligting by die kommentaarberigte. Kritiese beskouing spreek uit die aard daarvan waarde-oordele uit, word meestal in emosionele/omstrede taal gestel, kan stylfigure soos oordrywing gebruik om 'n punt te maak en is subjektief al het dit 'n objektiewe skyn. Dit alles lei daartoe dat dit meer leesbaar is as blote inligting. Die kommentaar berig kan om hierdie rede juis gebruik word om meer inligting oor te dra.

Motiveer verslaggewers om die potensiaal van verslaggewing te ontgin. Verslaggewing hoef nie noodwendig vervelig te wees nie.

'n Skolingskursus kan aan die begin van 'n termyn gehou word. Selfs 'n dinamiese, inspirerende praatjie kan wondere verrig. (Dit lyk asof 'n paar redakteurs entoesiasties is en die saak ernstig opneem, maar asof die verslaggewers traak-my-nie-agtig is.)

Ten slotte, is die vraag of Stellenbosch werklik 'n krities-ingestelde koerant wil hê, ook beslis ter sake. Nadat ek navraag gedoen het by 'n hele paar mense wat vir die mosie (teen *Die Matie*) op die Monstervergadering gestem het, het ek agtergekom dat baie van hulle nie 'n *Matie* wat vraagstukke oopstel, wil hê nie, maar eerder 'n "beskermende inligtingskoerant". Tot watter mate hierdie standpunt op kampus geld behoort deur *Die Matie* ondersoek te word. Dit behoort ook 'n belangrike faktor in die beleid van *Die Matie* te wees.

Die doel van die brief was eintlik net om die redaksie se gedagtes in hierdie rigting aan die gang te sit.

Baie dankie vir u stimulerende brief. Dis goed om 'n briefskrywer teë te kom wat kritiek lewer uit 'n positiewe, klaarblyklik ingeligte oogpunt.

Ons kan net daarop wys dat spesifieke verslaggewers nie aangewys word om sg. "krities-ontledende" berigte te skryf nie — waarskynlik is dit deel van hul skryfstyl. Verslaggewers word voortdurend gevra om so objektief as moontlik te probeer wees; volkome objektiwiteit in beriggewing is meestal 'n onbereikbare ideaal, en ons kan bloot streef na billikheid.

'n Skolingskursus word aan die begin van elke termyn aangebied, waar verslaggewers deur professionele joernaliste onderrig word in die beginsels van beriggewing.

Ten slotte: Dit is moontlik so dat baie mense net 'n "beskermende inligtingskoerant" wil lees. Sou dit die rol van Die Matie *word, sou hy egter nie sy naam werd wees as voorste Afrikaanse studentekoerant nie. — Red.*

(Sien ook hoofartikel.)

Cultura-teater 'n groot sukses op Tygerberg

DIE opening van die nuwe Cultura-teater op Tygerberg het Vrydagaand 15 Maart op uiters geslaagde wyse in die vorm van 'n Brahms-aand geskied.

Verrigtinge het om 19h30 begin toe die gaste, waaronder prof. Brink (president van die MNR), prof. Wasserman (dekaan van die Fakulteit Geneeskunde), prof. J.W.R. de Villiers (vise-rektor) en verskeie dosente aan die mesiese fakulteit 'n glasie sjerrie saam geniet het.

Die voorsitter van Cultura, mnr. Chris Gouws, het alle instansies bedank wat bygedra het tot die totstandkoming van die teater. Prof. Manie Breytenbach, erepresident van Cultura en ook inwonende hoof van Hippokrates, het almal verwelkom en gesê dat dit prysenswaardig is dat die ontstaan van die teater deur studente self geïnisieer is.

'n Sangkwartet van Kaapstad het 'n siklus van 18 Liebesliedere en agt Sigeunerliedere uitgevoer. Sigurd Schmidt, lid van die US-Strykensemble en student aan die mediese fakulteit, het 'n Brahms vioolsonata uitgevoer.

Die aand is op gesellige wyse met 'n kaas en wyn-funksie afgesluit.

Dr. F. van Zyl Slabbert en mnr. George van Niekerk, 'n lid van die Debatsvereniging, in 'n gesellige luim tydens die eerste debatsaand van die jaar.

PFP-leier spreek Debatsvereniging toe

DR. VAN ZYL SLABBERT was die spreker by die eerste en baie geslaagde debatsaand van die US Debatsvereniging in die nuwe termyn. Hy het die uitgelese gehoor getrakteer op 'n openhartige en indringende gesprek rondom plakkery.

Dié debatsaand, die eerste in 'n reeks van vier, is in die Volkskombuis gehou. Dit is 'n uitvloeisel van die Debatsvereniging se poging om hoëvlak-debattering op kampus te inisieer.

Die Debatsvereniging bied eerskomende Vrydagaand en Saterdag 'n topbestuursvlak skolingskursus in openbare redevoering aan in samewerking met die internasionale MAST-organisasie. Hierdie maatskappy is een van die grootstes in die wêreld en die kursus word vir die vereniging aangebied teen R10 per persoon.

Besprekings kan by tel. 2958 gedoen word.

Publikasie-vereistes gestel

ALLE koshuis- en verenigingspublikasies moet aan die begin van elke redaksionele termyn by die Publikasiekomitee geregistreer word. Dit word gedoen deur die volgende te verskaf: die name van die redaksielede en hul poste, die naam en die doel van die publikasie, die bronne van finansiering en die aantal kere wat die blad per termyn verskyn.

Ten minste een eksemplaar van elke amptelike uitgawe moet binne een week na verskyning aan die Publikasiekomitee gestuur word. 'n Eksemplaar van elke nuwe uitgawe van 'n blad moet ook aan verskeie biblioteke gestuur word. Besonderhede in hierdie verband kan verkry word by die SR-lid vir Publikasies, me. Karin Strydom.

Alle uitgawes kom outomaties onder beoordeling in die kompetisie om die beste koshuis-kwartaalblad, verenigings-kwartaalblad en verenigings-jaarblad in die tweede week van Oktober aan te wys. Die beoordeling word deur die Departement Joernalistiek gedoen.

Die kriteria vir beoordeling is: Inhoud — 50%, taal — 10%, voorkoms (bladuitleg en netheid) — 15%, oorspronklikheid — 10%, foto's en illustrasies — 10% en hoofartikel — 5%.

Penalisering met 5 punte geld as die betrokke redaksie nie alle uitgawes van die publikasie aan die Publikasiekomitee — of die betrokke biblioteke lewer nie, sowel as wanneer alle beplande uitgawes van 'n kwartaalblad nie die lig sien nie.

US in diens van die S.A. Weermag?

DIE Universiteit van Stellenbosch het vanjaar by registrasie informasie omtrent militêre opleiding van manstudente, met die oog op inskakeling by die Universiteit se militêre eenheid, gevra. Dit, en veral die reël dat studente wat versuim om die informasie te verskaf nie toegelaat sal word om verder te registreer nie, het aanleiding gegee tot 'n paneelbespreking oor die verhouding van die Universiteit tot die Suid-Afrikaanse Weermag.

Die paneelbespreking — "US in diens van die SAW?" — is op 14 Maart deur Regslui vir Menseregte gehou. Die sprekers was mnr. M.J. de Waal van die Regsfakulteit, mnr. Willem Steenkamp, verslaggewer van die *Cape Times*, en prof. André du Toit van die Departement Politieke Filosofie.

Mnr. De Waal het die wetlike aspekte van die probleem behandel. Hy het verduidelik dat die Universiteit wel wetlik verplig sou kon word om die informasie te kry en aan die Weermag te verskaf, maar dat die Universiteit dit tans vrywilliglik doen.

Geen kontraktuele regte van die student kom in die proses in gedrang nie.

Volgens mnr. Steenkamp is 'n militêre eenheid 'n omstrede begrip. Studente van die Universiteit van Kaapstad is sterk daarteen gekant omdat hulle teen verpligte militêre diens en militarisasie van die gemeenskap is en omdat hulle vrees dat die militêre eenheid gebruik kan word vir die onderdrukking van onluste. 'n Universiteits-militêre eenheid van hierdie aard kom in geen ander land voor nie.

Hy het die praktiese voordele wat die stelsel vir die student inhou beklemtoon. Dit bied aansienlike praktiese voordele vir studente as hul verpligtinge vir voortgesette diens gekoördineer word.

Prof. Du Toit het gesê dat die hantering van diensplig deur die Universiteit nie net 'n praktiese kwessie is nie maar ook politieke en beginselprobleme oplewer.

Diensplig is 'n polities omstrede aangeleentheid wat in verskillende sektore van die gemeenskap sterk en uiteenlopende gevoelens oproep.

Die Universiteit se keuse om wel of nie met die Weermag hieroor saam te werk is in 'n breë sin polities. Dit kan 'n belangrike aanduiding wees van sy algemene sosiopolitiese opstelling ten opsigte van die staat enersyds en die gemeenskap andersyds. Die verskillende keuses van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad dui op so 'n verskil in politieke verhouding tot die staat en sektore van die gemeenskap.

Die US se keuse sou as polities korrek beskou kon word omdat die meeste Afrikaanse studente dit waarskynlik steun. Ook binne die Afrikaanse gemeenskap is daar egter verskillende opvattings, terwyl Stellenbosch ook 'n beduidende groep nie-Afrikaanse studente het.

COMPUTER KIOSK
Tel: (0223) 73004/5/6



ATTENTION ALL STUDENTS

We now have the SHARP PC-1401 in stock.
This portable computer is the ideal tool for any B.Sc.-degree.

The SHARP PC-1401 has 59 preprogrammed scientific functions so that it can easily be used as a calculator,
AND it has 4.2K-byte RAM which can used for storing programs written in BASIC.

ONLY R 158.00

SHARP MZ-700 SERIES

PUT EXCITING COMPUTING CAPABILITIES RIGHT ON YOUR DESK.

The NEW SHARP MZ-700 is one of the fastest 8-bit machines on the market and when used in conjunction with its optional 4-pen plotter/printer it becomes an exceptionally powerful computer that is ideal for home or scientific use.
SHARP MZ-700 R 680.00, incl. built-in
4-PEN PLOTTER R 220.00 data-recorder.



Stellenbosch
Meubel Maatskappy (Edms) Bpk.
Furniture Co. (Pty) Ltd.

COR. CHURCH AND ANDRINGA STREETS, STELLENBOSCH.



Nico Goosen kyk verleë na die pluim wat hom geklop het. Derrick Smit, agter die net, het in die toernooi vir 'n verrassing gesorg deur Goosen in drie stelle te klop.

PLUIMBAL-KAMPIOENSKAPPE

Jacobs wen eindstryd weer die derde keer

Jaco Strauss

ANTONIE JACOBS het die mans enkelspel vir die derde agtereenvolgende jaar in die Matie-geslote Pluimbal kampioenskappe gewen. Hy het vir Anthony Young in die D.F. Malan Gedenksentrum op 11 Maart met 15—8 en 15—6 geklop.

Besering

Young beskik oor 'n gevaarlike mokerhou, maar Jacobs se vlugvoetige spel het die deurslag gegee. Die halfeindstryd tussen Young en Ian Engelbrecht was die spannendste enkelspelwedstryd in die kampioenskappe en daar word van dié twee spelers in die toekoms baie verwag. Ongelukkig moes Riaan Kritzinger hom as gevolg van 'n besering onttrek. Hy is vooraf as 'n sterk teenstander vir Antonie Jacobs beskou.

Dubbelspel

Jacobs en Kritzinger was die gunstelinge vir die mans dubbelspel maar moes hulle ongelukkig weens Kritzinger se besering, onttrek. Ian Engelbrecht en Anthony Young is Maties se dubbelspelkampioene nadat hulle Paul Hardcastle en Heinrich Uys in die eindstryd met 15—11 en 15—9 geklop het.

Die ervare René Eksteen het die dames enkelspel gewen deur Sarah Cross in die eindstryd met 11—0 en 10—8 te klop. Eksteen het ook saam met Heather Thom die dames dubbelspeltitel verower. Hulle het goed gekombineer, maar 'n opdraande stryd teen Debbie Bredenkamp en Sarah Cross, albei voormalige WP-juniors, gehad.

Die gemengde dubbelspel het 'n interessante stryd opgelewer toe Antonie Jacobs en Sarah Cross vir Ian Engelbrecht en René Eksteen met 18—15 en 15—10 geklop het.

Die pluimbalklub beleef vanjaar 'n groot oplewing wat hoofsaaklik aan die verdubbeling van die aantal pluimbalbane toegeskryf kan word. Die klub het ook twee Bolandse- en drie WP juniors bygekry. Te oordeel aan die talent tentoongestel in die Matie kampioenskappe het die klub vanjaar 'n goeie kans in die SAU-kampioenskappe. Dieselfde geld ook vir die Boland-liga waar die klub twee spanne in die eerste liga ingeskryf het.

Die klub beplan ook om tydens die April-vakansie na die SWD te toer waar hulle onder andere teen SWD, Oudtshoorn, George en Beaufort-Wes sal speel. Die toer sal as oefening ter voorbereiding vir die SAU-kampioenskappe dien.

Eendrag wen weer Eerstejaarstoernooi

EENDRAG A het Dagbreek A op Saterdag 16 Maart op die Danie Craven-stadion in die eerstejaars-rugbyfinaal met 9—0 geklop. Die wedstryd het as voorwedstryd vir die intervarsity tussen Maties en RAU gedien.

In die eerste helfte het die twee spanne mekaar goed vasgevat en die stryd is hoofsaaklik tussen die voorspelers beslis. In die eerste tien minute was Eendrag sterk op die aanval en hulle het veral met hul swaarder agttal die skrums oorheers. Dagbreek se span het hulself reggeruk en veral aan die einde van die eerste helfte baie druk toegepas.

Vaskoppe

Beide hakers het twee vaskoppe gewen. In die lynstane het P.W. du Toit hoog gerank vir Dagbreek, maar weens 'n gebrek aan ondersteuning het hulle min skoon balle gewen. Ten spyte van hul gebiedsvoordeel en die wind van agter kon Dagbreek nie punte aanteken nie.

In die tweede helfte het Eendrag die wind gebruik om op die aanval te kom. Die twee skrumskakels, Fanie du Toit en Raymond Heathcote van Eendrag, was in 'n titaniese stryd gewikkel. Beide het by tye skitterende spel gelewer.

Laatvat

In die elfde minuut van die tweede helfte is die eerste punte aangeteken. Heindrick Lambrecht het na 'n laatvat op Kobus Genis, losskakel, met 'n strafskop geslaag. Genis moes later weens 'n besering die veld verlaat. Hy is deur Ockie Douglas vervang.

Dagbreek het nou verwoed begin aanval en met die bal begin hardloop. Veral die heelagter, Gielie Vermeulen, het 'n paar mooi bewegings op tou gesit wat kort voor die doellyn gestuit is. Slegs onnodige foute en 'n gebrek aan afronding het Dagbreek weerhou om punte aan te teken.

Twee minute voor die einde van die wedstryd het skrumskakel Heathcote 'n drie gedruk. Hy het op die bal geval nadat dit onbeheerd by die Dagbreek kant van die skrum uitgekom het. Lambrecht het die drie verdoel. Die eindfluitjie het direk hierna geblaas.

Eendrag het met 9—0 'n welverdiende oorwinning behaal.

Halfeindstryde

Uit die geledere van albei spanne is gevoel dat hulle nie volgens hulle werklike potensiaal gespeel het nie. Dit kan toegeskryf word aan die twee taai halfeindstryde wat Donderdag plaasgevind het. In die wedstryde het Eendrag vir Wilgenhof 10—6 geklop terwyl Dagbreek vir Oude Molen 16—10 geklop het.

OP DIE KANTLYN

David v.d. Westhuyzen

TANYA PECKHAM — ons eie Zola. Tanya het nie net verlede week twee WP-rekords gebreek nie, maar het vier WP-rekords in the laaste twee maande laat spat. Dit is in die 800 m, 1 500 m, 3 000 m en die 10 000 m padloop.

Haar beste prestasie tot op datum was sekerlik haar oorwinning in die 10 000 m Repfin padwedloop in Groenpunt verlede Woensdag. Dié Matie het haar beste tyd met 1 min 32 sek verbeter en Janet Grieve se WP rekord met 1 min 11 sek verbeter. Die rekord staan nou op 33 min 48,2 sek en is nog net deur Zola Budd in Suid-Afrika oortref.

Verlede Maandag in die SAUK-TV Byeenkoms het Tanya die mense op Stellenbosch gaande gehad met haar oorwinning in die 800 m. Sy het 2 sekondes kort van die twee minute grens geëindig. Die grens is beslis binne haar bereik.

Die ander WP-rekords is 9 min 1,42 sek in die 3 000 m en 4 min 10,6 sek in die 1 500 m.

Tanya is 19 jaar oud en in haar eerstejaar op Stellenbosch. Sy het verlede jaar in Tygerberg gematrikuleer. Om senior Provinsiale rekords op dié ouderdom te breek, laat ons nog heelwat van die atleet verwag. Veels geluk Tanya!

* * * *

Daar is verskeie klagtes oor die toestand van die buitemuurse swembad op Coetzenburg. Baie van die teëls is stukkend en heelwat studente het al snye opgedoen.

Teëls is as sulks baie bros en breek baie maklik wanneer dit met iets gekap word. Daar word gereëld bottels en blikke op die bodem gevind. Die waterpolonette word dikwels deur studente gebruik en wanneer dit verkeerd opgestel word kap dit teen die teëls. Tot die een duikplank is eenkeer op die bodem gevind.

Sulke gebeure kan net as vandalisme bestempel word.

Volgens mej. Wiese van die Sportkantoor word die hoogste prioriteit op die stukkende teëls geplaas. Ongelukkig kan hulle nie reggemaak word terwyl die swembad vol is nie. Die swembad word net in die winter leeggemaak en as gevolg daarvan moet die herstelwerk tot dan wag.

Om voorsorg te tref teen vandalisme is 'n heining om die swembad geplaas. Dié help blykbaar nie veel nie. 'n Stelsel waar lidmaatskap beperk moet word om 'n opsigter aan te hou, word vir die volgende seisoen beoog. Daar word gehoop dat dit die vandalisme sal uitsny.

Dit is jammer om te sien dat sekere studente dit geniet om die plesier van medestudente te bederf en beserings onder sportmense te veroorsaak.

* * * *

Dit is jammer om te sien dat die aantal Maties verteenwoordigende muurbalspanne vanaf vyf tot vier verminder is. Met die nuwe potensiaal wat vanjaar by die klub aangesluit het, is die kompetisie baie meer straf.

Mnr. John du Toit, muurbalorganiseerder, verduidelik dat daar elke jaar belangstelling verloor word soos die seisoen vorder en teen Junie vind hulle dit moeilik om spanne vol te maak. Dit is ook genoem dat daar heelwat onkostes is om 'n span in die WP-liga in te skryf.

Die ander rede dat die spanne verminder is, is om die koshuisliga te versterk. Dit is nie logies nie. Die spelers wat klubliga sou gespeel het, het nou baie min teenstand van hul eie gehalte in die koshuisliga. Die aantal wedstryde wat gespeel word, word ook met ongeveer twee-derdes verminder.

Dit veroorsaak stagnasie in die individuele speler se spel en sodoende word belangstelling in die sport verminder.

* * * *

Die Matie maak verskoning vir 'n foutiewe spelling in die vorige uitgawe. Dit is Harald Ruck wat deelneem aan die 100 m rugslag vir mans in die interkoshuisgala.

Vincent du Toit van Wilgenhof sit alles in op die Grand Prix gehou te Tygerberg. Die kar, ***Bliksem IV,*** het agtiende in die wedren op Stellenbosch geëindig.

TRAPKARWEDREN

Team Velle van Tuks wen wedren

TEAM Velle van Tukkies het die jaarlikse Trapkarwedren te Stellenbosch op Saterdag 16 Maart in hul kar *Delta* gewen. *Dawner* van Dagbreek het die tweede plek, net twee rondtes agter *Delta,* ingeneem.

Die twee karre het mekaar van begin tot einde van die sesuur wedren gedruk. Eers teen die einde van die wedren kon die Tukkies vir die tweede keer die Dagbreek kar verbysteek. In die kuipe het die *Delta*-span veral goed gewerk. Met die wielomruil en trapperomruiling het die span baie vinnig gewerk.

Dit was die Tukkies se B-kar wat vanjaar op Stellenbosch deelgeneem het. Hulle het besluit om hul A-kar vir later wedrenne in die seisoen te spaar. Die besluit het hul amper die wedren gekos.

Die rede vir die Tukkies se sterk span is dat hulle die Ingenieursfakulteit vån die Universiteit Pretoria verteenwoordig. Die spanne van Stellenbosch wat deelneem word net deur die koshuise verteenwoordig.

Die grootste prestasie van die dag was sekerlik Huis Francie van Zyl se *Venus* wat die damesafdeling gewen het. Die damesspan het 'n ongelooflike algehele vyfde plek behaal. Hulle het 172 rondtes voltooi vergeleke met die 197 rondtes deur Tukkies.

Die vinnigste rondte is deur Willie Engelbrecht in Helderberg se *Spanner IV* gery. Hy het die rondte in 'n skitterende 1 min 29,9 sek getrap. Dit was 'n volle sekonde voor Tukkies en twee sekondes voor Dagbreek. Helderberg het vierde in die wedren geëindig. *Arend 3*

van Eendrag het drie rondte meer as hulle voltooi om d derde plek in te neem. Mon ca het eerste onder die Ste lenbosch damesspanne g eindig. Hulle het saamg span met Helderberg en *Spanner 2* gery.

Die sosiale afdeling is deu Hippokrates en Elsenbur gewen. Veral *Hippo* h heelwat opwinding veroo saak. Die kar het 'n rooi flit lig net soos 'n ambulans b op gehad. Die span van E senburg het 'n lekker bra in die kuipe geniet.

Die Stellenbosch-wedre is die eerste van 'n reeks w op die verskillende kampu se gehou word. Stellenbos het ongelukkig nie 'n kar w hom op die ander wedrenn verteenwoordig nie. Ver skeie koshuis sal wel a die Trapkarwedren by Ike deelneem.

Koshuise toer die vakansie as voorbereiding vir Sauer

Robert Bricout

VERSKEIE van die Universiteit se koshuisrugbyspanne sluit hul voorseisoense voorbereidings met 'n rugbytoer in die April-vakansie af.

'n Gebrek aan belangstelling en veral finansiële probleme is die grootste struikelblokke vir die koshuise se rugbybesture. Met die oog op vanjaar se Sauer-liga is die toere baie belangrik.

Eendrag, wat deur baie koshuise as die gunsteling span vir vanjaar se kompetisie beskou word, gaan teen die spanne van Ceres, Worcester en Montagu speel. Twee spanne, afgerig deur mnre. Stephen Bothma en Schalk van der Merwe, gaan op die toer. Eendrag is vol vertroue vir die komende seisoen, ten spyte van bekommernis oor reserwekrag in sekere sleutelposisies.

Majuba se eerstespan toer na Montagu en Swellendam waar hul teen dié dorpe se eerstespanne op onderskeidelik 1 en 3 April gaan speel. Daar heers tans 'n nuwe gees in Majuba se rugbygeledere. Dit is as gevolg van die oorwinning van 13—4 wat hulle in die Eerstejaarstoernooi oor Elsenburg behaal het. Majuba voel dat dit as 'n aanwyser vir verdere prestasies wat hul vanjaar gaan behaal dien. Hulle skep moed oor aanwinste onder veral die voorry, en die diepte van hul voorspelers en driekwarte.

Helderberg speel reeds op 27 Maart teen Kiepersol, 'n span van die Kovsies, hier op Stellenbosch. Hulle vertrek daarna op 'n toer na die Weskus waar hulle teen Hopefield en Saldanha sal speel. 'n Goeie voorry en skakelpaar word vanjaar as Helderberg se sterk punte beskou. Hulle is vasbeslote om vanjaar beter in die Sauer-liga te vertoon. Hulle wil graag Helderberg een van die swaargewigte van die koshuisliga maak.

Huis Marais stuur twee spanne na Vredendal en Lutzville ter voorbereiding van 'n taai Sauer-liga vanjaar. Hulle sien uit na die kompetisie en is so goed gemotiveerd soos altyd. Hulle sterkpunt lê vanjaar by hul voorspelers, maar hulle het ook 'n goeie agterlyn en waarsku die ander koshuise om lig te loop.

Huis Visser toer na die SWD waar hulle wedstryde teen George, Knysna en Riversdal gaan speel. Diepte is weer eens 'n probleem vir Huis Visser, maar hulle gaan glo die fikste span in vanjaar se kompetisie wees.

Oude Molen vertrek op 29 Maart na die Noord-Weste waar hulle teen Calvinia, Williston, Frazerburg, Carnarvon en Sutherland gaan speel. Oude Molen behoort vanjaar voort te bou op verlede jaar se vertoning toe hulle 'n gevaarlike buiteperd in die kompetisie was.

Oude Molen wen Interkoshuisgala

OUDE MOLEN en Aristea het die mans- en dames-afdelings by die interkoshuisswemgala gewen. Die gala is in die Coetzenburg swembad op 6 Maart gehou.

Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat die swemmers van Oude Molen die gala gewen het. Hulle het daarin geslaag om twee rekords, die vlinderslag en gemengde aflos, te breek.

Die finale uitslag was:

Oude Molen	**591**	**Aristea**	**375**
Hombré	**274**	**Erica**	**255**
Wilgenhof	**173**	**Nemesia**	**222**

SPORT PROFILE

David v.d. Westhuyzen

THE Stellenbosch sports-world is renowned for its talented and dedicated sportsmen and -women. No less is the arrival of Daryll Cullinan. Daryll, or D.J. as he is commonly known, participates in squash and cricket.

Border

Daryll represented Border in last season's Castle Bowl Series. Border finished third in the series and also managed to beat Eastern Province in the Nissan Shield.

D.J. was born in 1967. He received his education at Queens College in Queenstown. He represented Queens First teams in rugby, cricket and squash. He played in the first cricket team for five years and captained the team in matric.

SA Schools

Daryll played in the u/15 S.A. Schools squash team and is considered one of the best new arrivals in the US Squash club. He also played in the S.A. Schools cricket team. He would have represented Border at the Craven week but decided not to make himself available due to his squash.

Being English speaking and specializing in cricket and squash, one would have expected him to have gone to U.C.T. He states that his reason for coming here is that Stellenbosch is the best university in the country.

DARYLL CULLINAN

He is presently studying for the Bachelor of Arts Degree and is residing in Simonsberg. His first love is sport. He intends becoming a professional cricketer. With scores like 100 against Natal and having the fourth best batting average in Border, this seems to be a wise choice.

Practise

Darryl is very dedicated to his sport. He practises several hours a day. He says that he only practises when he feels it is necessary. Dedication to this degree can only produce the best in a sportsman.

Besides sport D.J. also has other interests. He simply loves girls! His main desire in life is to be happy and being a "bird-fan" he seems to have it made.

Tip

Because there have been so many highlights in Daryll's sporting life, there isn't really anything that he would like to mention as being the highlight in his life.

Daryll's only tip to other sports people is that practise makes perfect. What else could be expected from someone as dedicated as Daryll.

Daryll driving a ball back to the bowler during a practise in the nets. Daryll spends a lot of time in the nets, practising and perfecting his shots. Due to this dedication he has been selected to represent WP in the Benson and Hedges semifinal against Transvaal.

Maties speel twee intervarsities

Chris Theron en David v.d. Westhuyzen

IN 'n vriendskaplike wedstryd op Coetzenburg het die Maties 'n skitterende vertoning gelewer deur die Randse Afrikaanse Universiteit Saterdag met 'n besliste 42—0 te wen. Die rustydtelling was 14—0 en hierna het 'n goedgeoefende Matie pak voorspelers die wedstryd beheer.

Losvoorspelers

In die lynstane moes die besoekers tevrede wees om die enkele bal te deflekteer, aangesien Maties se André Markgraaff, Hennie Bekker en Deon Lötter 'n konstante stroom balle vir Freddie Ferreira gelewer het. Ferreira het bewys gelewer dat die keurders beslis met hom rekening sal moet hou as aanspraakmaker op die WP-skrumskakelposisie.

Maties se losvoorspelers het die losbal goed beheer, veral Schalk Burger — agsteman — het goed met die agterlyn geskakel en het Maties se laaste drie gedruk.

Johan Durr het vyf drieë vervyf, maar is op een stadium deur Goggie van Heerden as doelskopper vervang. Dit was egter Johan se eerste wedstryd in 'n lang tyd.

Driekuns

Nadat Johan in die twaalfde minuut van die wedstryd met 'n strafskop misluk het, het die blitsige Frikkie Ebersohn eerste die bal opgeraap en Maties se eerste drie gedruk. In die tweede helfte het Ebersohn 'n soortgelyke opportunistiese drie gedruk.

'n Kwartier voor die eindfluitjie klop hy drie teenstanders op pad doellyn toe nadat hy die bal netjies vorentoe geskop het. Dit was sy beste drie van die wedstryd.

John Villet het in sy eerste wedstryd vir Maties goed op senter vertoon. Hy was tevrede om die bal met goeie tydsberekening te laat loop en dit aan Goggie van Heerden oor te laat om vir 'n gaping te soek.

Op linkervleuel het Kobus Burger geblyk 'n waardige aanwins vir die Maties te wees. Vir sy eerste drie het hy met 'n kragtige sprong deur sy teenstanders gebars. In die tweede helfte rond hy 'n aanval netjies af deur onder die pale te druk.

Alhoewel RAU, die Transvaalse Trekligakampioene, moedig voortgespeel het, het hulle teen die einde onnet vertoon.

Die ander drieë is deur Hennie Bekker en Jan Calitz gedruk.

Voorskou

NA die Maties se vertoning teen RAU verlede Saterdag sal enige span — klub of provinsiaal — maar lig moet loop teen dié klomp spelers.

Ondanks die groot aantal spelers wat die Matieklub verlede jaar verloor het, en die beserings wat al klaar die klub begin pla, wys dit die ongelooflike diepte waaroor die Stellenbosch rugbywêreld beskik.

Selfs 'n persoon soos John Villet was nie 'n eerste keuse vir die wedstryd nie. Hy kon eers die span haal nadat Neil Burger hom weens 'n besering moes onttrek. Burger sal wel vir Saterdag se intervarsity beskikbaar wees. Hy sal Frikkie Ebersohn se plek in die agterlyn oorneem.

Dit moes 'n moeilike besluit vir Dawie Snyman en die keurders gewees het. Ebersohn het Saterdag 'n goeie wedstryd gespeel. Na sy twee opvolgdrieë en 'n derde na 'n skitterbeweging kon daar kwaliks verwag word dat hy weer die Maties sou verteenwoordig het.

John Villet het Saterdag bewys dat sy been, wat verlede jaar gebreek is, weer heeltemal reg is. Villet gee ook baie stabiliteit aan die agterlyn. Kobus Burger se twee drieë Saterdag, een waar hy deur twee spelers gebars het, het aan hom sy plek in die span besorg.

Om Goggie van Heerden uit die span te gelaat het sou nie 'n regverdige keuse gewees het nie. Hy het 'n bestendige wedstryd gespeel en het heelwat gapings in die RAU-agterlyn gemaak.

Daar is geen vernaderinge in die skrum nie. Dit is veral in die lynstane en die losspel waar die Maties se krag lê. André Markgraaff, Hennie Bekker, Deon Lotter en Schalk Burger is hier die groot gevaar. Clinton Kroon, haker, sal nog steeds vanweë 'n nekbesering nie kan speel nie. Daar is nog on sekerheid of hy dié seisoe sal kan speel. Settie Kotz sal weer die Maties op hake verteenwoordig.

Alhoewel die Maties so 'n klomp gedugte spelers he en 'n groot oorwinning oo RAU het, moet hul nie di span van Tukkies onderska nie. Verlede jaar het di Maties net-net daarin geslaag om albei kragmetings t wen. Albei van die wedstry de (16—12, 16—15) kon in die ander rigting geswaai het.

Taai stryd

Die onlangse toer en spe lers soos Johan Heunis Christo en Giepie Nel be hoort dit weer eens 'n taai stryd te maak. Die resultaa na Saterdag se wedstryd teen UOVS hoort ook die span van Tukkies aan te moedig om hul beste te lewer.